26 Julie 2024 www.kerkbode.co.za ● facebook.com/kerkbode Deel 235 – Nommer 138

KERKBODE

Perd skop ruitertjie: Ma vertel oor angs en verligting

Elmarie Wilkinson van die NG Kerk in Zambië vertel hoe hulle as gesin bygestaan is tydens die onlangse traumatiese gebeure toe hulle vierjarige dogterjie, **Marlin**, 'n skedelbreuk opgedoen het toe 'n perd haar geskop het. Lees meer op **bl 4**

KOLLIG

'In my andersheid het God my geroep':

Ds Farren Cloete oor jou eie mens wees

"Kerk is die plek waar sondaars kom om vir sondaars te bid," sê **ds Farren Cloete**, die VGK-dominee van Lambertsbaai wat pas haar debuut as skrywer gemaak het met die boek, *Geroep vir 'n tyd soos hierdie*, waarin sy haar verhaal vertel. **Luister op *Kerkbode*** na Heléne Meissenheimer se gesprek met haar.

www.kerkbode.co.za

Vloedwaters: Gemeenskap staan mooi saam op 'eilanddorp'

HELÉNE MEISSENHEIMER

"Ek is nog besig om in my kop die aanpassings te maak," spot ds Rudi Janse van Vuuren goedig by navraag oor hoe hy sy onlangse skuif vanaf 'n droë Prieska na 'n baie nat Citrusdal beleef.

Altwee kere bevind hy hom in gemeenskappe waar die weer 'n rol gespeel het in die skep van krisisomstandighede. Op Prieska in die Noord-Kaap was dit die jarelange droogte. Nou in Julie, skaars twee maande na hy op 5 Mei as nuwe leraar hier bevestig is, is hierdie dorp langs die Olifantsrivier vir 'n tweede keer van die buitewêreld afgesny na al die toegangspaaie verspoel het.

Maar tyd vir gaan sit en tob oor hierdie toevalligheid in sy lewe is daar nie. Janse van Vuuren is deel van hulle gemeente se noodspan. Hy vertel by navraag dat sy gemeente voluit handevat met hulporganisasies en besighede van die dorp om mense te help wat swaarkry. Honderde mense uit die informele woonbuurt langs die rivier is dakloos met sommige wat net die klere aan hulle lyf oor het. Die mense is dakloos, honger en nat met net hulle as gemeenskap wat kan help omdat niemand kan in of uit tensy per boot of helikopter nie.

Skade aan een van die toegangspaaie na Citrusdal. FOTO: @WCGInfrastructure

Soos Janse van Vuuren dit op **16 Julie** opsom, "ons dorp is 'n eiland" en van wat hy hoor mag dit hulle dorp se werklikheid wees vir moontlik 'n week of dalk selfs langer.

Lesse is geleer toe die dorp verlede jaar ook weens vloedwaters afgesny was. So die dorp het 'n rampspan waaraan al die kerke en hulporganisasies deelneem om noodhulp te koördineer. So is besluit dat al die kos en klere gestoor word in die saal van ACT, 'n NPO waarin hulle gemeente saam met die VGK 'n hand in die ontstaan daarvan gehad het. Van hier af word dit versprei onder meer na die gemeenskapsaal waar van die hawelose mense gehuisves word. Daar is ook mense wat bly in ACT se saal.

Hy sê dit is vir hom mooi om te ervaar hoe hulle lidmate help met die aandra van kos en klere soos wat daar te vinde is op die dorp. Hulle help ook met die maak van etes.

"Ons kyk maar waar ons hulle kan ondersteun te midde van die massiewe uitdaging dat ons niks in die dorp kan inkry nie," vertel hy en voeg by: "Hier is 'n klomp mense wat erge trauma beleef het, maar die gemeenskap staan ongelooflik saam. Dit is spesiaal".

Koop NOU aanlyn!

Bybel-Media se aanlyn winkel het 'n nuwe baadjie!

Loer gerus by **www.bybelmedia.org.za**

Nuwe gevorderde soekfunksie!

Nuwe digitale katalogi

Volledige kategese-reekse vir elke ouderdom



Selfoon-vriendelik en maklik bruikbaar

WhatsApp-hulplyn

'n Wye reeks geestelike boeke, Bybelstudies, Bybels en gemeentehulpmiddels — pasklaar vir jou en jou gemeente!

Besoek www.bybelmedia.org.za vandag nog!

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

BEROEP
Dr WS (Willem) Boshoff van Queenswood na Orania; dr C (Carine) Botha van Krielpark na Basileia (Witbank); ds GJB (Bennie) Brink (emeritus) na Postmasburg; ds Ruan du Plooy van Postmasburg na Amsterdam; ds SJ (Fanie) Schoeman van Augrabies na Askham-Noenieput; dr JHF (Johan) Taute van Lux Mundi na Ventersdorp; ds AC (Abraham) Viviers van Waterberg na Parkkruin en na Prieska.
AANVAAR
Dr WS (Willem) Boshoff van Queenswood na Orania; ds GPM (Meiring) de Wet van Doornpoort na Rustenburg-Proteapark; prop J (Jeanette) de Wet van Doornpoort na Rustenburg-Proteapark; Ds RJ (Ruan) du Plooy van Postmasburg na Amsterdam; ds Edward John (EJ) Leach van Stellastraat (met opdrag Indië) na Rustenburg-Proteapark; dr C (Charles) Mitchell (emeritus) na Aandbloem; ds J (Johan) Orsmond van Riviersonderend na Hartbeespoort; ds DJ (Danie) Pretorius van Plettenbergbaai na Merweville; ds M (Méri) Schoeman voorheen van Umhlanga na Andrew Murray Pretoria.
BEDANK
Ds FT (Francois) de Villiers vroeër van Boksburgpark vir Empangeni; ds BE (Brits) Janse van Rensburg van NHK Harare vir Rustenburg-Proteapark; ds EJ (Edward John) Leach van Pretoria vir Empangeni; ds LS (Lammert) van Rooyen van NHK Lichtenburg vir Beaufort-Wes en Gamkavallei.

WES-KAAPLAND
AANVAAR
Ds Danie Pretorius van Plettenbergbaai het die beroep na NG Merweville aanvaar. Sy dienstermyn begin DV op 1 September 2024. (Tinka Botes, skriba: NGK Merweville, 25.06.2024).
BEDANK
Ds Lammert Smit van Rooyen van NHK Lichtenburg het nie die beroep na Beaufort-Wes en Gamkavallei aanvaar nie. (Lynette Bergh, skriba: NG Kerk Beaufort-Wes, 18.06.2024).

NOORD-KAAPLAND
BEROEP
Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 8 Julie 2024, is ds GJB (Bennie) Brink (emeritus) in 'n vastetermynpos na die NG Gemeente Postmasburg beroep. (Ds Dirkie van Heerden, ringskriba: Ring van Deben, 09.07.2024).
Ds AC Viviers is beroep vanaf NG Gemeente Waterberg na NG Gemeente Prieska. (Ds WPT Pienaar, ringskriba: Die Ring van Hopetown, 11.07.2024).
Ds Stephanus Johannes Schoeman van Augrabies word beroep na Askham-Noenieput. (Elna Theron, skriba: NG Kerk Upington-Oos, 16.07.2024).
AANVAAR
Dr WS (Willem) Boshoff van Queenswood is beroep na NG Kerk Orania en het dit aanvaar. (Ds WPT (Thabo) Pienaar, ringskriba: Ring van Hopetown, 11.07.2024).
SINODESITTING
Kennis geskied hiermee van 'n gewone sinodesitting van die NG Kerk in Noord-Kaapland wat gehou sal word vanaf Sondag 6 Oktober 2024 tot Woensdag 9 Oktober 2024 by die saal van die NG Kerk Kimberley-Vooruitsig, h/v Cronin- en Meyerstraat, Kimberley. (Ds Christo Jonck, sinodale kantoor: Administrasie, 21.06.2024).

KWAZULU-NATAL
BEDANK
Ds Francois de Villiers het die sentrale kerkraad van die NG Gemeente Empangeni op 12 Julie 2024 skriftelik in kennis gestel dat hy nie die beroep sal aanvaar nie. (Zonia Coetzee, senior administratiewe beampte, 12.07.2024).
Ds EJ (Edward John) Leach van Pretoria het die NG Gemeente Empangeni op 19 Junie 2024 skriftelik in kennis gestel dat hy die beroep na NG Proteapark in Rustenburg aanvaar het. (Zonia Coetzee, senior administratiewe beampte, 19.06.2024).

VRYSTAAT
BEVESTIGING
Dr Charles Mitchell is beroep na NG Gemeente Aandbloem in Bloemfontein. Hy is op 30 Junie tydens die erediens deur ds Christo Louw, leraar van Aandbloem-gemeente, bevestig as medeleraar van die gemeente in 'n vaste pos. (Veronica Pretorius, gemeentebestuurder, 01.07.2024).

GOUDLAND
BEROEP
Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering gehou op 18 Junie 2024, het die kerkraad van die NG Gemeente Ventersdorp vir dr Johan Taute (deeltydse leraar by Lux Mundi-gemeente) beroep in 'n vastetermynpos. (Irma van der Walt, saakgelastigde, 04.01.2024).
RINGSITTING
Die 86ste vergadering van die Ring van Lichtenburg vind plaas op Maandag 5 Augustus 2024 om 09:00 by NG Gemeente Sederpark. (Dr G Meistre, ringskriba, 18.06.2024).
Die 66ste vergadering van die Ring van Bloemhof vind plaas op 14 Augustus 2024 in die NG Gemeente Bloemhof. (Ds Dries Coetzee, skriba, 12.07.2024).

NOORDELIKE
AANVAAR
Ds Johan Orsmond van Riviersonderend het die beroep na Hartbeespoort aanvaar. (Pieter Brynard, adminbestuurder, 18.06.2024).
BEVESTIGING
Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 19 Junie 2024 het die kerkraad van NG Kerk Rustenburg-Proteapark die volgende persone beroep en hulle word bevestig op DV 21 Julie 2024: Ds Edward John Leach in 'n voltydse pos as senior leraar, ds Meiring de Wet in 'n deeltydse pos as medelelaar en Jeannette de Wet ook in 'n deeltydse pos as medeleraar. (Eveleen Engelbrecht, saakgelastigde, 20.06.2024).
Ds Méri Schoeman is op Sondag, 30 Junie 2024 tydens die oggenddiens om 09:00 as voltydse leraar in die gemeente bevestig. Sy is getroud met Juan, en het twee kinders, Owen (4) en Lara-Li (16 maande). Méri was van 2017 tot 2020 in diens van NG Gemeente Umhlanga, waarna sy na die buiteland is met proponentsbevoegdheid. Dr Neels du Randt van Melville-Kruisgemeente het die bevestiging waargeneem. Méri se bevoegdheid het na haar bevestiging op 30 Junie 2024 verander van proponent na predikant. (Anthony Tosen, gemeentebestuurder, 01.07.2024).
RINGSITTING
Hiermee word kennis gegee dat die 61ste gewone ringsvergadering van die Ring van Pietpotgieter sal plaasvind op 5 Augustus 2024 by Roedtan-gemeente. (Ds Jacques Erasmus, ringskriba, 01.07.2024).

HOËVELD
BEROEP
Die NG Gemeente Parkkruin Familiekerk het tydens hulle kerkraadsvergadering besluit om ds Abraham Viviers van NG Waterberg te beroep. (Deonette van der Merwe, administratiewe beampte, 10.07.2024).
BEVESTIGING
Dr Liesl Nickols is op 14 Julie 2024 deur ds Johan Nickols in NG Kerk Randburg bevestig. (Shani Oberholster, skriba, 15.07.2024).

OOSTELIKE
BEROEP
Dr Carine Botha van NG Krielpark is tydens 'n beroepingsvergadering gehou op 30 Junie 2024, beroep as medeleraar na NG Basileia-gemeente (Witbank). (Ds AM (Marius) Nel, gemeentepredikant: Basileia-gemeente, 09.07.2024).
BEVESTIGING
Ds Ruan du Plooy van Postmasburg is beroep na NG Gemeente Amsterdam en het die pos aanvaar, effektief van 1 Julie 2024. Die bevestiging vind plaas op Saterdag 20 Julie en is deur ds Meyer van Wyk van Piet Retief, behartig. Ds Du Plooy se intreepreek is Sondag 21 Julie om 09:30. (JPJ Naudé, Voorsitter: Kerkraad, 15.07.2024).
SINODESITTING
Die sinodale diensraad gee hiermee kennis dat die 21ste sinodesitting van die NG Kerk Oostelike Sinode gehou word op 7-10 Oktober by die Weesgerus-vakansieoord naby Modimolle (voorheen Nylstroom), Limpopo. (Francois Retief, uitvoerende amptenaar, 19.06.2024).

Warm op die web:

KAAPKERK berig: "Hierdie maand kyk ons spesifiek na die Apostoliese Geloofsbelydenis. Ook bekend as die **Twaalf Artikels van die Geloof**, is dit n kernbelydenis vir baie Christene, so ook diegene wat deel is van die Nederduitse Gereformeerde Kerk," luidens 'n berig via VrydagNuus (12 Julie). "Wat beteken elkeen van die twaalf artikels en watter impak het dit op ons daaglikse lewens? Delf dieper in hierdie belydenisskrif met 'n geskiedenis wat bykans 1 700 jaar terugstrek." **kaapkerk.co.za**

Groote Kerk herdenk 350 jaar van Krotoa

Op 29 Julie 1674 sterf Eva van Meerhof verlate en gebroke op Robbeneiland. Die kerkraad van die Groote Kerk voel verplig om die oorskot van die 32-jarige VOC-diplomaat en vertaler te gaan haal en in die begraafplaas by die kasteel te begrawe.

"Krotoa was die eerste Khoi-lidmaat wat deur ons gemeente Groote Kerk gedoop is en hiertydens het sy die naam Eva ontvang. Krotoa se oorskot word dan ook voor 1704 vanaf die kasteel na die Groote Kerk verskuif waar sy vandag nog haar laaste rusplek vind. Krotoa/Eva se storie is een van verlies, trauma en verwerping, vermeng met moed, liefde en passie. Dit is 'n verhaal oor 'n merkwaardige Suid-Afrikaanse vrou.

Op 29 Julie 2024 het daar reeds 350 jaar verloop sedert haar dood en ons ontdek en vier haar storie op nuwe maniere. In haar storie ontdek ons ook ons storie, 'n storie wat ons so baie kan help met hoe ons vandag die storie van Suid-Afrika saamskryf!" vertel **ds Riaan de Villiers**, leraaar by Groote Kerk.
- Bron: VrydagNuus.

Marlin wil weer ry ná perd haar skop

Dit is die Here se genesende krag wat Marlin teruggebring het," sê **Elmarie Wilkinson** van die NG Kerk in Zambië wat hieronder vertel wat op Vadersdag met hulle vierjarige dogtertjie gebeur het.

Marlin Wilkinson was na ses dae bly om terug by die huis te wees. Onder: Elmarie Wilkinson by een van hulle ander perde. Foto's: Verskaf

Sondag 16 Junie. Wat 'n lekker dag, ek en Marlin was baie opgewonde om vir Pappa sy geskenk te gee vir Vadersdag. Die middag 12 uur het ons gery na die lughawe om dokter Sannie en haar dogter Santjie te gaan oplaai wat by ons kom kuier het uit Suid-Afrika. Dit is hulle grond waarop ons woon en huur.

Marlin het *chips* en pizza geëet en lekker gespeel. Ek het haar heeldag bewonder oor haar oulike maniere en haar mooi lang hare, en die klere wat sy self kies om aan te trek. *Terrex boots*, *camo tights* en 'n pienk baadjie.

Ons het huis toe gery om voor vyfuur terug te wees. Dit is Sondag en al die diere moet gevoer word. Pa Josh voer elke aand in die week en naweke self die diere. Die perde eerste en dan die skape.

Haar eie perd het haar geskop

Marlin het saam met Josh gaan perde voer. Die perde is redelik onvoorspelbaar as dit by etenstyd kom, so elke perd kry voer in sy eie kamp. Marlin se eie perd, IPT (It's Party Time) het voor haar hok staan en wag vir haar voerbeurt toe Marlin onskuldig aangestap kom. Josh was besig om die eerste perd te voer toe hy 'n benoude gil hoor. Met die omdraai sien hy hoe IPT haar ore plat trek en uit die bloute op Marlin afstorm. Marlin het geskrik en probeer weghardloop maar tevergeefs, toe IPT by haar kom draai sy om en skop haar.

Josh het gedink sy is dood. Sy't bly lê. Hy het met haar, pap en doodstil, in sy arms tot by die huis gehardloop. Haar kop was op twee plekke stukkend, die een gedeelte het soos 'n duik gelyk en toe die bloeding stop, kon ons mooi sien daar was stukkende been en ons kon stukkies van haar brein sien. Marlin se koppie het baie gebloei. Dit het ongelooflik seer gelyk! Ek het op my knieë geval en die Here gesmeek om ons dogtertjie se lewe te spaar. Uit paniek stuur ek 'n stemnota na ons selgroep hier in Lusaka: "Asseblief, bid vir Marlin, ons perd het haar geskop, dit lyk verskriklik! Asseblief, bid dat die Here haar sal spaar, asseblief, Here!"

Ek het onmiddelik geweet ek kan niks help nie, net die Here kan Marlin se lewe red. Net daar op my knieë het die Here vir my kom sê "daar waar chaos is, is Ek nie". Ek het kalm geword en kon dink wat om volgende te doen.

Die rit na die hospitaal

Sannie bel soos ons ry die hospitaal, want sy ken die dokters daar. In die kar het ek nie een oomblik ophou bid nie. Ek kon my gebede nie inhou nie. Die Here het my laat hardop bid: "Here, sy is u kind. Ons het haar lief. U het haar lief. Ons gee haar in u hande, Here. Maak ons sterk vir dit wat U besluit om met Marlin te doen." Ons het Marlin totaal aan ons Vader oorgegee en ook besef dat Marlin aan die Here behoort, Hy kan haar enige tyd kom haal. Marlin is sy eiendom en sy kind.

In die kar het ons spesifiek gebid dat die Here Marlin moet wakker hou tot by die hospitaal en ons het ook gevra dat die Here die regte dokter sal stuur om ons te help. Sy het gekreun van die pyn en was naar. Die rit het omtrent 35 minute geneem.

By die ongevalle-afdeling het hulle vir haar goed gegee vir die pyn. Sy't kort-kort gehuil en gegil van die pyn. Ek was in en uit met ons jongste, baba Gina wat sewe maande oud is. Josh het nooit vir Marlin gelos nie. Hy het heeltyd by haar gebly, gebid en gehuil.

Ons selgroepvriende en ds Willem Schoeman van ons NG gemeente in Lusaka was ook daar om saam met ons te bid en ons te ondersteun.

Ons moes gou besluit: opereer hier of in Suid-Afrika

Ons moes besluit. Vlieg ons Marlin met die mediese vliegtuig na Suid-Afrika of gaan sy in Lusaka hierdie groot breinoperasie ondergaan. Die CT-skanderings het bevestig haar skedel het 'n fraktuur gehad en 'n stuk been het in haar brein gesteek. Daar was ook splinterstukkies been wat uitgehaal moes word.

Ons moes besluit en gou. Ek en Josh was op ons knieë. Ons het gebid, "Here Jesus, asseblief, hoe maak ons?" Ek besef toe, hier waar ons nou is in hierdie hospitaal, hier is die Heilige Gees teenwoordig. Of ons by die heel beste dokter in Suid-Afrika kom of hier in Zambië … God self gaan aan Marlin werk.

Die tekens was vir ons duidelik dat die operasie onmiddelik moes gebeur. Voor Marlin in is na die teater het die dokters saam met ons hande gevat. Ek het in Engels gebid sodat hulle kon verstaan: "U hande is hulle hande, Here. Uself gaan aan Marlin werk. Ons dank U vir hierdie mense vir wie U die kennis gegee het om Marlin te kan help. In Jesus Naam. Amen."

'Spraak was die grootste bekommernis'

Dit was al laat. Marlin was omtrent drie ure in teater. Josh het voor die teaterdeur bly wag en ek was op en af met babasussie. Ons kon kalm bly. Ons het aanhou bid en vertrou.

Na die operasie het die dokters ons voorberei dat daar probleme kan wees weens skade aan Marlin se brein. Sy sal dalk weer moet leer om te loop. Die linkerkant van haar lyfie kan lam wees. Haar sig kan weg wees. Spraak was die grootste bekommernis.

Ons het saam hande gevat om Marlin se bed en gebid. Die Heilige Gees het ons gevul met soveel moed, krag en vrede. Wanneer vrees inkruip, het ons dit vir Jesus gegee en Hy het geantwoord op elke klein dingetjie. Intussen het ons wonderlike gemeenskap ons in die hospitaal kom bederf met meer as genoeg kos, klere en lekkergoed.

Toe sit sy regop en sy sê iets

Die derde dag na die operasie (omtrent tweeuur die oggend) sit Marlin regop. Ek was wakker met babasussie wat intussen siek geword het met hoë koors. Toe glimlag Marlin vir ons. Sy het beduie sy is dors en honger. Toe sê sy iets en net daar begin sy praat.

Die volgende oggend toe die verpleegsuster inkom en vra hoe dit gaan, antwoord ek haar "baie goed, sy praat". Sy trek haar masker af en roep uit "Halleluja! Prys die Here, sy praat!" Sy het Marlin op haar kop gesoen en vir my en my man omhels. Toe vertel sy dat hulle in die teater vir haar aanhou bid het vir volle herstel, want dit het sleg gelyk. Hulle het aanhou bid dat sy sal praat.

Marlin wil haar perd weer ry

Ons was ses dae in die hospitaal. Marlin onthou nie die trauma nie. Ons het vir haar in die hospitaal verduidelik haar perd, IPT, het haar teen die kop geskop. Toe ons uit die hospitaal kom, wil sy dadelik weer perdry.

Mense het al vir ons gesê ons moet die perd skiet, maar ons voel ons kan nie die perd blameer nie. Dit voel meer dit is ons eie skuld, want ons weet die perde is onvoorspelbaar met etenstyd. Verder is IPT Marlin se perd en sy is lief vir die perd en wil haar ry. Sy is nie bang vir haar nie.

Ons is net baie dankbaar dat die Here Marlin vir ons gespaar het. Ek hoop en bid dat die Here hierdie storie gebruik om mense nader aan Hom te bring. Ons het nie woorde om dankie te sê vir al die gebede en boodskappe uit Suid-Afrika, Namibië en Zambië nie, ons God is groot!

Hierdie artikel is oorspronklik gepubliseer op lig.co.za, Kerkbode se susterpublikasie.

‘Boeke is hoe ek asemhaal en my huis is vir my Eden’

Sy lewe lees soos ’n storie vol erg uiteenlopende genres. En dit is ’n verhaal vol eens ondenkbare verrassings wat steeds besig is om geskryf te word.

Baie het gebeur in die nege jaar ná Stefaans Coetzee vrygelaat is. Daar was ’n tyd toe jy, as jy sy naam hoor of iewers iets oor hom raaklees, dadelik gedink het aan die verregse tienerbomplanter wat lewenslank in die tronk sit. Toe breek daar ’n nuwe tydperk aan. ’n Tydperk waarin hy bekend word as die ou wat ’n nuwe lewe begin het, wat groentetuine plant in die plakkerskampe en opstaan teen rassisme en ongeregtigheid in Suid-Afrika – Stefaans is na 18 jaar vrygelaat toe van sy slagoffers en hulle familie hom bevriend het en ’n versoek gerig het vir sy parool. Vandag wanneer iemand die naam Stefaans Coetzee hoor is die kans goed dat hy of sy dink “dís mos die boeke-man!”

Amper elke dag is daar op sosiale media ’n video van Stefaans wat ’n nuwe boek wat deur ’n legio uitgewers aan hom gepos word *unbox*. Of van die vele boekresensies wat hy doen op *Netwerk24* en *Litnet*.

Vroeër die jaar is hy bekroon as *Netwerk24* se Boeke-smaakmaker van die jaar.

Sy liefde vir lees het destyds in die tronk begin. “Dis al wat ek kon doen,” sê hy, “ek het dag en nag in my sel gesit en lees.”

Vandag is sy passie vir boeke sterker as ooit.

“Boeke was nog altyd deel van my bestaan. Dit is hoe ek asem haal. In woorde. Omdat ek soveel jaar nie in my eie taal kon lees nie, is dit lekker om aandag te gee aan Afrikaanse skrywers. Dit is tog waarom my resensies gaan, onderhoude voer – om boeke te bemark. Ek gaan tog nie ’n resensie oor ’n boek skryf wat ek nie geniet het nie, al is daar een of twee punte waarmee ek en die skrywer verskil,” sê hy.

Stefaans is self ’n kranige skrywer. Hy was betrokke by die skryf van ’n hele lot boeke en daar is toenemend van sy kortverhale in tydskrifte soos *Huisgenoot*.

Wit Wolf: Die Worcester-bomplanter se storie van bevryding, was sy eerste boek. Sy lewensverhaal wat hy saam met Alita Steenkamp geskryf het. Daarna het hy en Anemari Jansen die boek *Suiker Britz*, geskryf. Hy is die samesteller van *Op pad na Grysberg* – ’n roman waaraan 22 bekende skrywers saam geskryf het – en het meer onlangs ’n kortverhaalbundel saam met Anschen Conradie saamgestel.

Oor *Onbeskryflike genade*, sy mees onlangse boek wat laasjaar verskyn het, sê hy: “Dit gaan oor ’n ou wat meer as net van sy verlede wou weghardloop, oor ’n man wat net man en pa wil wees. Dit dra lewenslesse oor aan mense wat nie meer hoop het nie. Wat lankal ophou droom het.”

Hy is besig met ’n nuwe boek wat binnekort op die rak sal wees. “*Sel Ses* is ’n kortverhaalbundel, maar as jy die stories van 1 tot 8 lees, dan is dit een storie. In elke monster is daar ’n mens. En in elke mens is daar ook ’n monster. Baie monsters sit in die tronk, maar ander mense se monster word op sosiale media losgelaat. Dit is amper soos met *The Shack*, daar waar die pa sy pa as seuntjie sien. Gebroke, mishandel. Hopelik kan ons meer na mekaar kyk deur Jesus se oë. Veral teenoor mense wat van ons verskil.”

Ek vra hom oor die groot draaipunte die afgelope nege jaar.

“Die grootste goeie draaipunt is my gesin. Ek, my vrou, drie seuns en drie katte bly op Klerksdorp. Ek het met ’n baie, baie mooi vrou getrou en geniet pa-wees regtig baie. Omdat ek nie ’n liefdevolle gesin as kind geken het nie, is my huis vir my Eden. Slegte punt, wat ten goede uitgedraai het, is toe ek weg is as voltydse werknemer by LifeFM om voltyds in die bediening in te gaan. Nou het ek meer tyd om my talente te gebruik om ander mense te help om hulle storie neer te pen.”

Stefaans is steeds deeltyds betrokke by LifeFM, die plaaslike radiostasie op Klerksdorp. Op Vrydae is hy die mede-aanbieder van die boekgesprek, “Leesd!t”.

Behalwe vir sy doenigheid met boeke, is hy steeds betrokke by opheffingswerk in die gemeenskap. Hy bied ook gereeld kampe aan en word dikwels genooi om op te tree as spreker by gemeentes en by ander geleenthede.

Vas in die verlede?

Watter raad het hy vir mense wat moedeloos raak en vasgevang voel in die verlede?

> **“Die Bybel praat van die sewe dodelike sondes. Maar daar is ’n agtste een, geleenthede wat nie gebruik word nie.**

“Die Bybel praat van die sewe dodelike sondes. Maar daar is ’n agtste een, geleenthede wat nie gebruik word nie. Soveel mense droom nie meer nie. Dromers waag kanse. Skep geleenthede. Soveel mense gaan met soveel versteekte talente dood. As jy een liedjie moet sing, sing hom. As jy tien gedigte moet skryf, skryf dit. Wat ook al God binne jou geplaas het, gee dit aan die mensdom. Moenie vol graf toe gaan nie. As ek soveel na nege jaar kon doen, wat keer jou wat nooit in die tronk was nie? Leef voluit en droom groot!”

Wat gee hom hoop?

“My vrou. Sy is die steunpilaar in die Coetzee-huis. My seun David wat so vol lewe is. Wat net in liefde na my kyk. Wat my laat lag. Wat van die sitkamerbank af sal spring, wetend dat ek hom sal vang. My twee ouer seuns wat uit bokse karre kan bou. Wat teken en skilder. Wat droom. En mense wat ten spyte van die storms nog glo. Nie net in God nie, maar ook in mekaar. Suid-Afrika. Al vloek hulle ook oor beurtkrag of potholes. En my tronkkaartjies. As God daai monster se lewe kon omkeer, is niks onmoontlik nie. Ek kyk gereeld daarna.”

Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugontwikkeling en die NG Gemeente Villieria.

Jan Lubbe

’n Briefie om te gedenk…

Die NG Kerk en die Nederduitch Hervormde Kerk van Afrika is besig om saam te beplan aan ’n landswye en ekumeniese herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat 200 jaar gelede, vanaf 2 November 1824, in Kaapstad sitting geneem het. Jan Lubbe vertel meer.

In die hartjie van die winter – op Woensdag, 23 Junie 1824 – word ’n een bladsy-briefie uit die “Coloniaal Kantoor” aan drie dominees in Kaapstad gestuur. In sierskrif. Lord Charles Somerset het ja gesê.

Was daardie winter ook so onstuimig soos hierdie afgelope paar weke in die geteisterde “Kaap van Goeie Hoop”? Die Kaap het destyds vreeslik deurgeloop: In Julie 1822 sink sewe skepe in Tafelbaai; swaar reënstorms verwoes 25 huise op Stellenbosch en op Somerset-Wes die kerkgebou; op plase langs die Bergrivier, wonings en landerye oorstroom. “Kaap van Storms”. Dit was inderdaad ’n gespanne tyd, twee dekades nádat die Kaap Engels geword het en onder goewerneur Charles Somerset ’n kolonie van die Britse Ryk gemaak moes word. Transformasie in taal en administrasie, skool en kerk. In die “Bovenland” en “Overberg” en aan die grense van die Kolonie, 800 kilometer verder in die omstreke van Cradock, het daar egter geruime tyd al ’n selfstandigheidsdrang onder burgers geleef. Herinneringe aan die “Patriotte” van Swellendam en Graaff-Reinet, en hul vryheidstrewe. ’n Koerantberig daardie selfde week toe die vergadering waaroor die briefie van Junie handel, byeengekom het – in November 1824 – lui byvoorbeeld: “Veel werd er verwacht, veel gevreesd, sommigen kwamen ongevraagd met hunne raadgevingen voor den dag…”

Van “koerant” gepraat. Die jaar 1824 word óók onthou vir die stryd om ’n vrye pers wat deur Thomas Pringle met die koloniale owerheid aangeknoop is. Die jaar tevore het Pringle en ’n jeugdige dominee Abraham Faure die goewerneur genader om goedkeuring te kry vir ’n maandelikse tydskrif: Het *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* (April 1824). Dié blad sou tot in die veertigerjare verskyn en was in ’n sin ’n voorloper vir De Gereformeerde Kerkbode in 1849 – met as redakteur? Dominee Abraham Faure! Gebore Kapenaar, uit ’n Hugenote-familie, geskool in die Puriteinse Calvinisme van die London Missionary Society in Engeland en daarna teologies opgelei aan die Universiteit van Utrecht (Nederland), was Faure ook die vader van Kaapse onderwysinstellings soos die Z.A. Athenaeum (1829, die latere Universiteit van Kaapstad), die eerste Sondagskool in die Kolonie (1844) en die Theologische Seminarium op Stellenbosch (1859). ’n Vrye pers, eie skole. ’n Burgerlike samelewing was besig om te ontplooi.

En ’n vrye kerk?

Daar word aanvaar dat dit die energieke Faure was wat sy twee ouer kollegas – JC Berrangé en JH von Manger – en die vooraanstaande kerkaad van die “Kerk in de Hoofdplaats” aangepor het om kloekmoedig aan goewerneur Somerset te skryf. Ons gemeentes is van “de moederkerk afgescheiden” en in kerklike sake aan hulself oorgelaat, terwyl al meer “andere godsdienstige gezindheden in deze Volksplanting” arriveer, het hul pleidooi gelui. Die briefie van 24 Junie 1824 was dus sy antwoord: Toestemming is verleen dat ingevolge Artikel 46 van die heersende “Kerken-Ordre” van JA de Mist (1804), “de Leraars der Hollandsche Gereformeerde Kerk in deze Volksplanting” op die eerste Dinsdag van November daardie jaar kon byeenkom. Terloops: De Mist se “Kerken-Ordre” het in die eerste artikel aan alle “Kerk-genootschappen” wat ter bevordering van “deugd en goede zeden een Hoogst Wezen eerbiedigen”, gelyke voorregte en beskerming in die Kolonie gewaarborg. Godsdiensvryheid? Dít was die verdraagsaamheidstaal van die 18e eeuse Verligting (nié van Dordt nie, maar óók nie van die Franse Revolusie!). Die goewerneur moes ingelig wees oor watter “Kerk-genootschappen” waar in die Kolonie bedien en wie hul predikante of sendelinge was, hy moes godsdiensonderrig en byeenkomste soos dié goedkeur. In sy boodskap het Somerset ook die doel van die komende vergadering vasgestel: Om die “algemene belangen der Koloniale Kerk in overweging te nemen”. Die kerkraad van Kaapstad het voortgegaan en op 5 Julie die ander dertien “Nederduitsche Christelijk Hervormde Gemeenten” in die Kolonie na ’n eerste “Algemeen Kerkvergadering” opgeroep.

En só het dit gekom – sit ek dié wintervakansie op ’n Suid-Vrystaatse plaas en dink toe ek ’n afskrif van die vergeelde briefie uit die “Coloniaal Kantoor” (en Kerkargief op Stellenbosch) ontsyfer – dat ons nou saam met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ’n herdenking beplan, twee eeue ná 1824. Daardie Dinsdag was daar veertien gemeentes, dertien dominees en tien ouderlinge in die konsistorie van die “Groote Kerk” teenwoordig. “Vry”, het die voorsitter gesê, én “verenigd”. Hul lidmate was wit én bruin en swart, vryburgers én slawe. Die dominees, uit diverse teologiese agtergronde: Oud-Nederlands en Luthers, London Missionary Society en Skots-Calvinisties.

’n Dekade later is slawe in die Kaapkolonie – en die gemeentes(?) – vrygestel, een van die gebeure wat gelei het tot die migrasie van duisende lidmate uit daardie gemeentes noordwaarts, die binnelande in. Nog ’n dekade later (1843), ’n nuwe kerkordelike bestel in die Kolonie, waarvan die migrante oorkant die Vaalrivier ten alle koste vry wou bly. Só kom eers ’n Hervormde- (1853) en toe ’n Gereformeerde kerkverband (1859) in die noorde tot stand. En vier dekades ná 1824 ’n hofsaak, wat die eerste veertien gemeentes nou ook “sinodaal” sou afsny van NG-gemeentes in die Vrystaat en Natal. En in 1881 (eintlik sedert 1857 al, want dit het by die Nagmaalstafel begin verbrokkel), ook ’n aparte Sendingkerk! Ds. Berrangé se slotwoorde in 1824 – oor “een liefelijk snoer dat allen zamen bindt” – deur kerklike stormwinde losgetorring en weggewaai…

Daarom het die Moderamen van ons Algemene Sinode (ASM) vroeër vanjaar na 1824 teruggekyk, en by “Ons Roeping” gaan neerskryf: “200+”. ’n Vrye én verenigde kerkfamilie in ’n vrye, verantwoordelike samelewing. Tyd om diep hieroor na te dink, en reg te doen.

Ruhan Fourie

'n Historiese blik

Die NG Kerk en die Rooi gevaar

Antikommunisme was 'n spil vir Afrikanereenheid, skryf **Ruhan Fourie**. Hy bekyk die NG Kerk se rol hierin vanuit 'n geskiedkundige hoek.

Die NG Kerk is histories nou verbind met die mense van Suider-Afrika. Natuurlik in besonder so met Afrikaners. Die geskiedenis van Afrikaners is ook die geskiedenis van die NG Kerk wat veral in die nadraai van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) homself vereenselwig het as 'n volkskerk vir Afrikaners. Hierin het 'n wedersydse identiteitvorming gelê waar die NG Kerk homself moes bepaal by die geestelike en materiële lot van sy Afrikanerlidmate, terwyl dié instelling ook 'n leidende rol gespeel het in die vorming van Afrikaneridentiteit.

Met sy wye netwerk van teoloë, dominees, weldoeners en kerklike organisasies, was die NG Kerk reeds teen die vroeë twintigste eeu die instelling met die mees verreikende en diepste invloed in die alledaagse lewe van Afrikaners. Daarom is die NG Kerk 'n besonderse lens vir die geskiedkundige wat die leefwêreld van Afrikaners, wie se kerk-, kultuur- en politieke leiers die hoofmanne van die apartheidorde was, wil verstaan.

Paraat en weerbaar teen aanvalle

'n Kernaspek van hierdie leefwêreld was die alomteenwoordige "Rooi gevaar". Afrikanerparaatheid en -weerbaarheid vir kommunistiese aanvalle op Suid-Afrika is nog vars in die geheue van baie Afrikaners. 'n Mens dink hier veral aan herinneringe van pa's, ooms, broers en seuns wat op die grens, in die skadu van die Koue Oorlog, moes veg teen dié gevaar. Tog is daar ook die interne vrese van kommunistiese subversie van die volk wat 'n mens anekdoties optel in herinneringe van die "goeie ou dae".

In 'n *Kerkbode*-artikel in Februarie 2021 (getiteld "Kerk in SA: Het ons 'n plek en roeping?") byvoorbeeld skryf ds Rudi Swanepoel hoe diegene wat nie gekonformeer het nie deur die kerk uitgekryt is as "ketters en terroriste". En "Kommuniste, linkses en humaniste wat nie deel is van die Afrikanervolk en die ware kerk nie". Ds Danie Mouton, uitvoerende direkteur van die Oos-Kaapse Sinode, skryf in 'n opiniestuk vir *Kerkbode* in 2016 (getiteld "Wat sal ons van die Algemene Sinode onthou?") hoe moeilik dit vir die NG Kerk was om sy identiteitsgevoel en roeping in 'n post-apartheid samelewing te vind ná dekades "toe die duiwel en die kommuniste nog vyand nommer een was …"

Terwyl daar 'n duidelike herinnering aan die vrees vir kommunisme is onder Afrikaners, en dan ook historiese aksies teen die Rooi gevaar was, is daar tot dusver nie sistematies gekyk na hoe antikommunisme ontwikkel, onderhou en gefunksioneer het onder Afrikaners nie. Die Koue Oorlog en PW Botha se Totale Aanslag blyk nie alleen die juk te dra van Afrikanervrese van 'n bose kommunis onder elke bed nie. In my boek, *Christian Nationalism and Anticommunism in Twentieth Century South Africa* (2024) neem ek die rol van die NG Kerk in hierdie verband onder oënskou.

Die groeiende Afrikanerwerkersklas

Die eerste spruit van antikommunisme het sy kop uit gesteek toe die NG Kerk homself ontferm het oor die lot van die groeiende Afrikanerwerkersklas aan die Rand in die 1910's en 1920's. Dominees het gewroeg en gewerskaf om die Afrikanerproletariaat te red teen die sosialistiese vakbondwese. Die oproep tot 'n Christelik-nasionale vakbondfront uit kerk en kultuurgeledere is gou opgeneem deur die Broederbond en sy vennote. So is dié werkers gekoöpteer in wat sou ontwikkel in 'n Afrikaner-nasionalistiese beweging wat teen die einde van die 1930's begin spoed vang het. Binne die beweging word antikommunisme 'n spil vir Afrikanereenheid. In 1946 word Afrikanerantikommunisme, saamgesnoer in die stigting van die Antikommunistiese Aksiekommissie, of Antikom, met die mandaat om "Christelike leer en lewe soos verkondig deur die drie Afrikaanse kerke, as die magtigste bolwerk teen die kommunistiese lewensbeskouing" te handhaaf, luidens hulle stigtingsdokument. Dit is saamgestel deur verskeie Afrikanerorganisasies, met die meerderheid verteenwoordiging uit NG Kerk-geledere, en sou voortaan sorg vir antikommunistiese propaganda.

Kort na die NP se oorwinning in 1948 sou Antikom en die NG Kerk staatsonderdrukking van kommunisme help populariseer en legitimeer. Die staat is so effektief in hierdie taak dat die kommunistiese ywer kwyn, en so ook kerklike antikommunisme bedaar.

Geluide teen apartheid

In 1960, toe druk op die apartheidregime toeneem in die nadraai van die Sharpevilleslagting, skop die dekade van Rooi gevaar af. Sommige verligte Afrikaners, insluitend kerkmanne, begin suutjies geluide teen dogmatiese apartheid maak wat 'n verkrampte teenslag ontketen. Sentraal tot hierdie veldtog om kritici stil te maak, was om hulle te etiketteer as voorstanders van kommunisme, of dié se kleiner boeties humanisme en liberalisme. In hierdie atmosfeer mobiliseer 'n handjievol eensgesinde ultra-verkramptes uit politieke en kultuurkringe, met Albert Hertzog as die spilpunt, om Antikom as voertuig te gebruik om die politieke speelgrond na regs te trek. Om die opportuniste se saak te versterk nader hulle die groot kerkman van die Kaap, dr Koot Vorster, toe al 'n uitgesproke antikommunis in eie reg, om as publieke voorman te dien. Hierdie kring toets die antikommunistiese konsensus se regse grense so dat dit tot 'n regse splinter in die NP lei, en Vorster uit pas met die NG Kerk val teen die einde van die dekade. Gedurende die 1970's word Afrikanerfamilies direk by die bestryding van kommunisme betrek toe diensplichtige mans Grens toe gestuur is. By die huis vlam sendinginisiatiewe op waar veral vroue op hawens traktaatjies uitdeel aan seemanne van sogenaamde 'Rooi skepe', en jong kinders in plattelandse skole fondse insamel vir Bybelverspreiding aan kommunistiese lande.



Heyns en Jonker

Soos die NG Kerk se leierskap in die 1980's begin herbesin oor apartheidteologie, begin die antikommunistiese ywer van die vorige twee dekades bedaar. Kerkleiers, soos proff Johan Heyns en Willie Jonker, staan sterk in hulle afkeur van kommunistiese dogma, maar verruil paranoia met pragmatisme. So begin Heyns kommunisme, in die vorm van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, aanvaar as 'n deel van 'n komende "nuwe" Suid-Afrika waar 'n Afrikaner nasionalistiese orde sou plek maak vir demokratiese pluralisme. En so, met die val van die Berlynse Muur in 1989, eindig apartheid kort daarna, en daarmee ook die alomteenwoordige, almagtige spook van kommunisme.

Lesse te leer?

Wat leer ons hierdeur van antikommunisme? Dat die Rooi gevaar selde werklik oor kommunisme gegaan het, en veel eerder oor die behoud van 'n status quo, en in sommige gevalle selfs die terugkeer na 'n enger wit oppergesag. Dit het uiteindelik ten doel gehad om Afrikanereenheid en -eenvormigheid te vestig, 'n illusie van morele legitimiteit vir onderdrukking te skep, en om Afrikaneridentiteit te vorm volgens wat 'n Afrikaner nie behoort te wees nie. Deur dit alles was die NG Kerk die konstante antikommunistiese tuig van Afrikanerdom, tog met wisselende invloed en prominensie. Terwyl afkeur in kommunisme opsigself geregverdig geag kan word, moet gevra word tot hoe 'n mate antikommunistiese propaganda, verdagmakery en die vereniging van Afrikaners se leefwêreld die ware gevare van volgehoue onderdrukking van swart mense verdoesel het.

Dr Ruhan Fourie is 'n historikus verbonde aan die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie by die Universiteit Stellenbosch. Sy boek **Christian Nationalism and Anticommunism in Twentieth-Century South Africa** *word uitgegee deur die Christelike Lektuurfonds (CLF).*

Kerkleiers, waarmee is julle besig?

Prof Johan Janse van Rensburg van Bloemfontein skryf: Nadat my briewegesprek met ds Jan Lubbe in *Volksblad* kortgeknip is, het die interimkomitee van die moderamen van die Vrystaat 'n verklaring uitgereik. Daarin word ontevredenheid uitgespreek met kerklike sake wat in die openbare media aangespreek word. Die versekering is deur die verklaring beklemtoon dat kerklike strukture se deure oop is om kerklike sake te bespreek.

Op grond hiervan het ek 'n amptelike versoek gerig om met die moderamen in gesprek te tree. Vir weke het ek geen antwoord gekry nie, maar die aand voor die vergadering stel die skriba my in kennis dat die moderamen my onmoontlik te woord kan staan omdat hulle nie weet waaroor ek wil praat nie.

Tóg het ek in my versoek duidelik geskryf: "Ek het kennis geneem van 'n skrywe van die interimkomitee met betrekking tot korrespondensie in die openbare pers. Aangesien ek onlangs briewe by *Volksblad* gehad het, en aangesien my antwoord aan ds Jan Lubbe nie vir publikasie aanvaar is nie, en aangesien die interimkomitee met 'n skrywe aan predikante en lidmate gereageer het, versoek ek die moderamen van die Vrystaat om 'n onderhoud by die eersvolgende vergadering aan my toe te staan." Hieruit is dit tog duidelik waaroor die gesprek sou gaan. Dit is ook duidelik dat daar geen wil is om met my te praat nie.

Prof Hoffie Hofmeyr se onlangse skrywe in *Kerkbode* word deur my eie ervaring bewys. In my antwoord op die skriba van die moderamen se telefoniese boodskap het ek geskryf: "Waarmee is julle besig?" Hoffie se brief het vir my die antwoord gegee.

Daar is 'n duidelike strategie van kerkleiers om die dringende noodsaaklike gesprek met besorgde lidmate oor die gesag van die Skrif te ontduik. Intussen verloor die NG Kerk al hoe meer integriteit omdat "sola Scriptura" geroep word, maar die gesprek daaroor word opsigtelik vermy.

Wat sê die Bybel oor Jesus se opstanding?

Ds Stefaan de Jager van Jeffreysbaai skryf: Gedurende 2011 het ek twee boeke oor die opstanding van Jesus uit die dood gelees. Die een was *Opstanding* deur Julian Müller, die ander een *Opgestaan* deur Ferdie Mulder.

Die twee boeke het dieselfde onderwerp, maar verskil soos dag en nag.

In *Opstanding* gaan Julian Müller van die standpunt uit dat Jesus nie liggaamlik uit die dood opgestaan het nie, terwyl Ferdie Mulder in "Opgestaan" die duidelike standpunt het dat Jesus wel liggaamlik opgestaan het.

Opstanding is 'n wollerige boek wat die lesers vol onsekerheid laat, soveel so dat dit klink asof Müller twyfel as 'n deug sien. As Jesus nie fisies opgestaan het nie, word Handelinge 13:36-37 (Dawid se liggaam het vergaan, maar Jesus se liggaam het nie vergaan nie), bloot gesien as die woorde van Paulus oor God, wat van die tafel gevee kan word as dit nie inpas by die mens nie.

Opgestaan daarenteen, is 'n boek met 'n helder duidelike boodskap sonder enige twyfel dat Jesus wel liggaamlik opgestaan het. Saam met Mulder glo ons dit omdat Handelinge 13:36-37 nie vir ons Paulus se woorde oor God is nie, maar God se Woord aan ons deur Paulus.

'Kom ons vier dit met 'n nuwe vorm van eenheid!'

Henrietta Klaasing van Randfontein skryf: Prof Johan van der Merwe se rubriek (09.07) het betrekking. Dit is verblydend dat iemand van sy statuur, kennis en ervaring ons herinner aan die belangrike 200-jarige herdenking later vanjaar van 1824 se eerste Algemene Sinode. Ek onthou nog 'n ander rubriek wat hy in *Kerkbode* in Oktober 2022 geskryf het, waarin hy gevra het of die Algemene Sinode (AS) se rakleeftyd verby is. Daarin vermeld hy ook die geskiedenis van die voorafgaande byna 200 jaar en noem hy die moontlikheid van 'n nuwe vorm van eenheid soos ek nou ook tussen die lyne van hierdie brief lees.

Die AS het die afgelope paar dekades talle besluite geneem wat die totstandkomingsooreenkoms (1962) tussen die destydse samestellende NG kerke misken, ignoreer en ondermyn. Verder eien hulle vir hulleself gesag toe wat nie deel was van die oorspronklike ooreenkoms nie. Die NG Kerk gebruik die Presbiteriaanse kerkstelsel – die moderator is dus nie soos 'n "pous" nie. Dit werk "van onder na bo"; dus van presbiters/ouderlinge op na die algemene sinode. Die kerkraad is die regerende liggaam van 'n plaaslike gemeente. Die algemene sinode is, anders as die kerkraad, bloot tydelik van aard en is geen permanente bestuursliggaam nie.

'n Bepaalde groep gemeentes het 'n besluit geneem om uit die verband met die AS te tree en weer hulle regmatige gesag as plaaslike kerkrade terug te neem. Dit is volgens my in lyn met die 1824-gebeure en vind dus aanklank by wat prof Johan skryf: "(Dit kan) 'n eerste belangrike tree (wees) op pad na 'n bepaalde manier van kerkwees in Suid-Afrika, 'n manier van kerkwees, waar die struktuur van die kerk die gemeentes van die kerk tot diens behoort te wees. Anders gestel: Hoe die kerk werk moet altyd in diens van die roeping van die kerk op grondvlak wees."

Kommentaar:

Fondsinsameling vir dokkie ter viering van *Kerkbode* se 175ste

Hier is die waarheid: Die idee om 175 km ter viering van *Kerkbode* se 175ste bestaansjaar te hardloop, was ietwat buite die kernfokus van ons redaksionele jaarplan. En dit lê ongelukkig halflyf buite ons begroting vir die jaar.

Die redaksionele jaarplan sluit goed in soos: Skep 'n weeklikse *Kerkbode*-podsending. Skep 'n reeks wat vars na gemeentes se projekte kyk. Reis na Namibië om die stories van standplaasleraars te vertel. Daardie tipe goed...

Maar ná vier dae se hardloop in die Karoo en met die videograaf Robert Cable se treffende videomateriaal op 'n hardeskyf voor ons, het die *Kerkbode*-span gevoel dit sal 'n skande wees as ons nie ten minste probeer steun en geld werf om hierdie projek in 'n behoorlike 'n 24 minuut dokumentêr te omskep nie. 'n Soort video-kampvuur waarrondom meer mense sal kan kom sit en bietjie nadink oor kerknuus deur die dekades.

Ons doelwit: R25 000

Vriende van Kerkbode is al vir 'n paar jaar *Kerkbode* se aanlyn donasieplatform en bevat die opsie vir eenmalige bydraes - perfek vir 'n dag soos vandag! Dis vinnig en veilig. Ons doelwit is R25 000 en enige bydrae is welkom. Die veldtog het 20 Julie 2024 afgeskop. En ons sal by kerkbode.co.za verslag doen oor hoe die insameling vorder. Om 'n donasie te maak, besoek www.kerkbode.co.za en kliek op ***Vriende van Kerkbode*** in die navigasiekolom.

Het jy vrae? Kontak vir Le Roux Schoeman by leroux@bmedia.co.za.

Elise Bosch sterf aan kanker

Elise Bosch, 'n geliefde rubriekskrywer vir *LiG*, *Kerkbode* se susterpublikasie, is op 10 Julie aan kanker oorlede.

Haar stories het mense reeds vanaf 1998 aan die hart gegryp. Die egtheid, die hartseer en die wonderwerke wat in die swaarkrymense van Hillbrow se lewe gebeur – dáároor het Elise geskryf.

"Ons sal Elise onthou vir haar aweregse sin vir humor, haar intelligensie en haar groot medelye vir haar medemens. En natuurlik die stories oor haar Hillbrow-mense," lui 'n plasing wat op 12 Julie op LiG se Facebookblad gedeel is, met 'n hiperskakel na een van die oorledene se rubrieke, 'n skrywe getiteld "God gaan haal sy kinders – selfs in 'n Hillbrow-stegie" (7 Desember 2021).

LiG Tydskrif se redakteur, **Francine Prins**, skryf: "(Elise) het destyds vertel: "Dis die ultimate bevrediging om te kan getuig hoe God sorg in moedelose situasies. Dis 'n voorreg om daaroor te kan verslag lewer, van wonderwerk-oomblikke waar Jesus die armes van Hillbrow help."

Prins vertel: "Elise het in 2010 self 'n moedelose situasie in die gesig gestaar toe sy vir die eerste keer met kanker gediagnoseer is. Sy het toe ook 'n 'kankerdagboek' in *LiG* bygehou. 'Dit was terapeuties om my eie kanker-ondervinding met die lesers te kon deel, my stryd met my gesondheid, my emosies …'"

Elise het twee volwasse dogters en was getroud met die predikant dr Pieter Bosch.

Gemeentes: Só kan jy jong entrepreneurs uit townships as 'n 'Nelson' nomineer

Die Be a Nelson-beweging bied wéér 'n unieke geleentheid aan gemeentes om jongmense in townships te help om hulle eie toekoms te ontsluit en hulle gemeenskap te dien. **Dr Nico de Klerk** vertel meer.

"Dit is 'n deurbraak om weer 'n Suid-Afrikaanse townshipspan te kan inskryf (keerdatum: 5 Augustus 2024) vir die kursus in sosiale entrepreneurskap wat aangebied word deur die Open Society University Network (12 universiteite van verskeie lande is betrokke).

Verlede jaar se groep van 36 was die enigste groep nie-formele studente wat toegelaat is tot die kursus. Dit was 'n sosiale eksperiment in 2023 wat uitstekend geslaag het. Hierdie groep Nelsons kom van regoor die hele land en is vandag op 'n totale ander plek met hulleself as 'n jaar gelede.

Die Suid-Afrikaanse jeug bewys weer en weer dat hulle enorme potensiaal het om hulleself en hulle gemeenskappe te bemagtig deur sosiale entrepreneurskap. Die kerk kan 'n rol speel om dit te help ontsluit.
Die Be a Nelson-program se benadering is gerig op die ontwikkeling van sosiale entrepreneurskap as teenvoeter vir ongelykheid, werkloosheid en sosiale onrus.

Dit sluit in om kenners vanuit Europa en die VSA in te bring. Elke student het 'n afrigter. Hierdie blootstelling en ervaring gee die studente nuwe selfvertroue wat weer nuwe energie skep. Verlede jaar se program het ook afgesluit met 'n sesdagstap in Maart 2024.

Só maak jy om 'n Be a Nelson te nomineer:
Stuur 'n motiverende e-pos waarom jy graag hierdie persoon wil nomineer met enige relevante inligting. Wees gerus kreatief in oor hoe jy die persoon wil voorstel, maar maak seker jy vermeld die volgende: naam en van, gemeenskap, kontakbesonderhede, geslag en ouderdom.

Die koste van die kursus beloop R1 000. Meld asseblief in die e-pos of jou gemeente in staat is om dié bedrag, of 'n gedeelte daarvan, te kan bybring vir genomineerde kandidate".

Stuur alles na dr Nico de Klerk by nico@streetbiz.co.za of WhatsApp hom by 082 566 1484 voor Maandag 5 Augustus 2024.

Die Be a Nelson-beweging is 'n inisiatief van die organisasie StreetBiz Foundation, 'n NPO wat jong entrepreneurs uit townships ondersteun om hulle eie toekoms te ontsluit en hulle gemeenskappe te dien. Vir meer inligting besoek: www.nicodeklerk.co.za, www.nofitmovement.com of www.opensocietyuniversitynetwork.org

Kyk ook na: StreetBiz Foundation



Naas 'n indrukwekkende gemeenskapstuin, het NG Kerk Pongola in KwaZulu-Natal hul eie CMD (Christelike Maatskaplike Dienste) gestig en self 'n maatskaplike werker aangestel. "Ons dink dat dit baie uniek is. Die meeste maatskaplike kantore word deur staatsubsidie en ringe gefinansier. Ons kry nie staatsubsidie nie en word net deur ons gemeente en donateurs uit die gemeenskap gefinansier," vertel ds Petrus Botha. "Kerk wat werk" is 'n artikelreeks waarin *Kerkbode* vanjaar berig oor die wyse waarop lidmate in gemeentes op allerlei uitdagings in hul omgewing reageer. Ons wil die respons in detail verstaan, hoor hoe die bepaalde gemeente "sukses" of vordering meet en ook uitvind of daar bepaalde lesse of wenke vir ander lesers is. Ons maak 'n punt daarvan om ook te vra na die perke van die respons en hoe die gemeente daaroor dink. Indien jy 'n storie het wat jy met ons wil deel, stuur 'n e-pos na kerkbode@tydskrifte.co.za.

NG Kerk Pongola, KwaZulu-Natal

'Ons glo projekte moet onafhanklik word'

As jy lidmate bemagtig, kry jy 'n kultuur van deelname eerder as 'n lys projekte. Dit hoor jy by hierdie plattelandse gemeente as hulle vertel van als van sop-aande op Hemelvaart, bande met die Zoeloesprekendes, tot kurperkompetisies en afvlerkvoëltjies. "As jy projekte het wat na binne gerig is, hou dit nie lank nie. Dit help nie jy groei maar jy het nêrens om dit gaan aflewer nie," vertel ds Petrus Botha vir **Le Roux Schoeman.**

Pongola: Agter die suikergordyn

"Ons het nie flieks en sulke goed nie," vertel ds Petrus Botha oor die lewe op Pongola. "Ons is op onsself aangewese. Die gemeenskap is op mekaar aangewese. Hier is ander kerke, maar dis klein (gemeentes).

Pongola, met sy Zoeloenaam wat sinspeel op oorvloed, lê naby die grens met Eswatini en so net oor die 200 km van Ponta do Ouro in Mosambiek, tussen Maputo en Richardsbaai. Die veelheid van wildsplase en suikerrietland in hierdie streek is dalk te verwagte vir die verre Noord-Natal aan die land se Ooskus, maar Pongola spog met 'n paar uniekhede: Die Pongolarivier is die enigste rivier in Suid-Afrika waar jy tiervis kry.

En die leraar by NG Kerk Pongola, het beide groen vingers én 'n kop vir syfers! Botha is 'n kranige orgidiee-versamelaar in sy subtropiese lushof van 'n tuin. En wanneer hy nie tuinmaak of gemeentebou nie, sorg hy as "finanspersoon" vir KZN asook die Algemene Sinode Moderamen, via die Algemene Taakspan Fondse en Bates, dat daar op toeganklike wyse oor die NG Kerk se geldsake verslag gedoen word. "Almal (in die NG Kerk) wat die begroting sien, moet presies weet wat is wat," verduidelik hy. "Hoeveel het hulle en wat hulle daarmee kan doen," sê Botha (55).

Gemeentes se uitdaging: Afgeleë dorp en minder leraars in ring en streek

Die Ring van Vryheid se vier gemeentes en drie predikante stuur af op veel groter interafhanklikheid, namate die lidmaattal en aantal voltydse predikanteposte wat gevul word krimp, meen Botha.

"Ons kry in KZN nie meer aansoeke vir predikantsposte op die platteland nie," verduidelik hy. Werksoekers wil glo stede toe. Of wil by 'n gemeente wees en dan aanskuif na 'n universiteit of 'n makrogemeente, raai Botha. "Hier, as jy predikant word, word jy 'n grondwerker … Dis langtermyn en glad nie wat jy op universiteit geleer het nie."

"Ons maak ons deure al vir jare oop vir almal," vertel Botha, wat al 21 jaar hier leraar is. Voor dit was Botha, wat op Potchefstroom grootgeword het, op Newcastle, maar hy klink asof hy floreer waar hy tans woon en werk.

Reaksie tot die uitdaging: Betrokkenheid van bemagtigde lidmate

"Toe ek hier gekom het, het die dagbestuur alles gereël. As die kerkraad oor goed besluit het, het die dagbestuur herbesluit." Dit het oor die jare verander en Botha meen dit is deurslaggewend vir sukses. "Hoe meer mense betrokke is, hoe meer kan 'n ding werk."

Mettertyd is die dagbestuur daarmee heen. Ons sit nou met 'n kerkraad van 40 mense uit 720 lidmate (doop- en belydende lidmate saam). Dit is die ouens wat voorloop."

NG Kerk in KZN: Klein in getal

Die NG Kerk in KwaZulu-Natal was nog altyd iets van ’n buiteperd vergeleke met die groter samestellende kerke, oftewel streeksinodes, van die NG Kerk.

In die eerste 100 jaar van sy bestaan, was daar slegs 11 gemeentes in die destydse provinsie van Natal, volgens ’n Kerkbode-artikel in Maart 1955.

Daar was wel tekens van groei – veral rondom die versorging van armes. In 1919 is die Greytown-kinderhuis begin en in die twintigerjare is ’n “spoorwegleraar” aangestel vir die bearbeiding van lidmate “ver van kerklike sentra”. Maar tot vandag is die refrein wat ’n mens dikwels by NG leiers in KZN hoor: “Ons is ’n klein speler hier.”

Pongola: Groot deelname van lidmate

Die gemeente is in 1953 gestig en die beginjare was finansieel moeilik vir die dorp, wat as ’n soort bemagtigingsprojek onder bewind van die Nasionale Party gevestig is. Teen die jare ’60 was daar meer as 600 lidmate en dit blyk betrokkenheid was reeds kenmerkend van die gemeente, met kerkkoorlede wat soveel as 20 myl aflê om te kom oefen. Ds JE Cilliers het in 1964 uitgewerk dat die 16 koorlede van Pongola met elke oefening 144 myl aflê, oftewel altesaam 5 760 myl per jaar om die 40 oefeninge by te woon, het Kerkbode destyds berig.

Botha sien hoe sukkel ander gemeentes in die ring met klein kerkrade. “Hier bied (lidmate) hulleself aan. Daar is ’n sterk jongmensgroep (30-45 jaar) wat weer kom boer hier in die distrik. Hulle raak ongelooflik betrokke by die skool, veiligheid en die kerk, vertel hy.

Hoe meet ’n mens sukses? Rig projekte na onafhanklikheid

Botha glo die motivering vir betrokkenheid by gemeentelewe werk só: “Omdat lidmate sien daar gebeur iets in die gemeente en deur die gemeente in die gemeenskap. Ons is sigbaar betrokke oral in die gemeenskap.” Hoe? “Steundienste aan bejaardes en enkelouers wat nie beter met inkomste kan doen nie,” is een voorbeeld wat Botha noem. En dan verklap hy een van hulle beginsels: “Ons glo ’n projek mag nie ’n projek bly nie … dit moet onafhanklik word.”

Voorbeelde uit die gemeente

1. Stig ’n pandjieswinkel

’n Bybelstudiegroep wou meer doen as lees. “Hulle het groot gegaan,” onthou Botha oor dié geval van so ’n paar jaar gelede. Die lidmate het ’n pandjieswinkel (“Mot en Roes”) begin wat vandag op sy eie bene staan.

2. Stig ’n onafhanklike CMD

“Ons gemeente het ons eie CMD (Christelike Maatskaplike Dienste) gestig en ons eie maatskaplike werker aangestel. Ons dink dat dit baie uniek is. Die meeste maatskaplike kantore word deur staatsubsidie en ringe gefinansier. Ons kry nie staatsubsidie nie en word net deur ons gemeente en donateurs uit die gemeenskap gefinansier. Die CMD bied verskeie dienste. Ons gee aan verskeie gesinne kospakkies, berading, terapie en ander maatskaplike dienste. Ons het ook ’n hele klomp hulpmiddels wat ons by die kerk stoor en gratis aan mense uitleen, onder andere hospitaalbeddens, rolstoele ens,” verduidelik Botha.

3. Skep ruimtes en nooi binne

Die aand ná die Hemelvaartsdiens word die hele gemeenskap genooi vir ’n saamkuier rondom sop, brood en melkkos. Daar is 23 potte sop – seekos, biltong en vele meer, 40 liter melkkos en baie tuisgebakte brood. Die punt is egter dat dit ’n gemeenskapsete is, vertel Botha. “Ek is ’n ou wat nie lank preek nie.” Geleenthede soos hierdie sopaande, is sy kos, hoor ’n mens. “As jy projekte het wat na binne gerig is, hou dit nie lank nie. Dit help nie jy groei maar jy het nêrens om dit gaan aflewer nie.”

Dan voeg hy by: “Die wonderlike is dat al hierdie genoemde projekte deur bemagtigde gemeentelede bestuur word. Nie een van hierdie projekte is eintlik meer gemeenteprojekte nie.”

Waar lê die perke?

Ondanks pogings is integrasie met Zoeloes en ander gelowiges beperk, vind ’n mens uit. “Ons het nou al Zoeloemense wat ons dienste gereeld bywoon. Die grootste *barrier* is taal,” meen Botha. “By ons is die eenheidsding (tussen kerke) meer om saam te werk.” Die verhouding met die Uniting Reformed Church behels onder meer die betaal van twee leraars se salarisse. “Ons het saam met hulle ’n gemeenskapstuin begin en hulle bestuur dit nou onafhanklik.

Sterkpunte en insigte: ’n Oue se waarneming

Ondanks die gemeente se swaar begin, slaag lidmate sowat 70 jaar later daarin om met ou staatmakers soos die basaar en nuutjies soos ’n kurperkompetisie, groot geld in te samel en die kerk se spaarvark vet te hou.

Wanneer ’n mens Botha pols oor die insig wat hy in die bediening agter die suikergordyn opgedoen het, sê hy: “Wat vir my alles laat sin maak, was ’n ouer persoon wat vir my gesê het: ‘Hier is plek vir almal. Julle het plek gemaak vir afvlerkvoëltjies soos ek ook’. Wanneer iemand iets wil doen, moet om hemelsnaam nie in hulle pad staan nie, moenie voel asof jy nou nie meer goed genoeg is nie. Dien saam!”

Handige en kragtige hulpbron vir studie van gebed



***Biblical theology of prayer in the New Testament* deur Francois P Viljoen en Albert J Coetsee (reds)**
Uitgewer: AOSIS Publishing, 2023
Resensent: Han Janse van Rensburg

Soos so mooi in die titel vervat, fokus hierdie boek op die uitbreiding van ’n Bybelse teologie van gebed gebaseer op die Nuwe Testament. Die titel gee ook reeds ’n belangrike aanduiding van die benadering wat deur die skrywers gevolg word – ’n Bybels-teologiese ondersoek.

Die boek bring ’n (amper oorweldigende) magdom relevante materiaal oor gebed in die Nuwe Testament bymekaar. Die wonderlike hiervan is dat enige iemand wat graag ’n studie wil maak van gebed in die Nuwe Testament as geheel, of in een van die individuele boeke, nou ’n baie handige en kragtige hulpbron tot hulle beskikking het.

In hierdie boek sal jy beslis vind wat jy benodig – of dit nou gaan oor gebed as lofprysing, aanbidding, danksegging, smeking, intrede of belydenis, of oor die Grieks wat hierdie gebede onderlê. Al die relevante plekke waar gebed in die Nuwe Testament voorkom word deeglike eksegese op gedoen, boek-vir-boek. Veral opmerklik is die goed-gegronde manier waarop die Griekse woorde (en woordeskat) wat oor gebed handel semanties geanaliseer word deur gebruik te maak van Louw en Nida se (steeds) deurslaggewende Grieks-Engelse leksikon.

Wat dit selfs nog beter maak is die feit dat ’n hele menigte teoloë, almal kenners in hulle onderskeie areas, bymekaargebring is om te verseker dat alle eksegetiese bevindings in goed-gestruktureerde kategorieë ingedeel word. Sodoende word die leser verder bygestaan in verstaan presies hoe en hoekom gebed so ’n integrale deel van die lewens van Nuwe-Testamentiese individue en geloofsgemeenskappe was.

Met die publikasie van hierdie studie slaag die skrywers daarin om aan enige iemand wat Nuwe-Testamentiese gebed in meer diepte wil bestudeer nie bloot ’n wegspringplek te gee nie, maar eerder ’n ware vade mecum (“go with me” pocketbook) handleiding en gidsboek met alles wat jy mag nodig hê vir verdere studie.

Belangrik om te onthou: Hierdie is die tweede van ’n twee-volume publikasie oor ’n Bybelse teologie van gebed. Die eerste boek het die konsep van gebed in die Ou Testament behandel. As sulks beveel ek sterk aan dat jy beide boeke tot jou digitale biblioteek toevoeg. Sodoende het jy ’n volledige ondersoek wat aan jou deeglike kennis van beide die Ou- en Nuwe-Testamentiese korpusse gee. En dit lei dan weer tot ’n volronde verstaan van en perspektief op die ontwikkeling van gebed deur die tye van die Bybel heen.

Gratis beskikbaar by Aosis Publishing, soos ook die eerste volume oor gebed in die Ou Testament.

Dr Hanré Janse van Rensburg is voormalige dosent in Nuwe Testament by die Universiteit van Pretoria en tentmakerleraar by Ooskerk.

Voedsame pitkos oor God se skeppingswonders, beloftes en seën

***Polsslag* deur Johann van Zyl**
Uitgewer: Bybelkor, 2023
Resensent: Rudolph Scharneck

Soms het ’n mens behoefte aan pitkos, ’n kort, treffende gedagte wat jou eie denkprosesse aan die beweeg sit en jou menswees voed sonder om te ingewikkeld te raak. Hierdie boek is ’n poging om sodanige pitkos vir mense te bied.

Die skrywer bied sy eie gedagtes in kort paragrawe aan, elkeen met ’n afsonderlike tema. Hierdie gedagtes groepeer hy dan onder 12 groter “Bybeltemas”. Hy kies vir 12 omdat die syfer 12 so ’n belangrike rol in die Bybel speel. Hoewel daar op die voorblad geïmpliseer word dat die hele boek aanhaak by die skeppingsmotief, is dit slegs die eerste groter tema wat daarop fokus. ’n Wye verskeidenheid van motiewe word verder in die boek aangeraak.

Elke gedagte begin met ’n teksverwysing, maar die teks word meestal nie in detail bespreek nie. Daar word eerder uitgebrei op ’n enkele motief binne die aangehaalde teks. Dit word dan deur verwysings na ander Bybeltekste, gebeure regdeur die geskiedenis en voorbeelde uit die alledaagse lewe geïllustreer.

Die skrywer se omgang met tekste sal waarskynlik vir baie mense nie

deurgaan as goeie teksuitleg nie, maar die boek word nie uitgegee as ’n Bybelstudiehandleiding nie. Die skrywer is ook nie ’n teoloog van beroep nie. (Die uitgewers beskryf die skrywer as volg: Johann van Zyl is ’n landbou- en finansiële joernalis met ’n onversadigbare liefde vir navorsing en statistieke. Dit gebruik hy dan mildelik in sy skryfwerk, wat dié boek insluit. Johann is ook ’n groot musiekliefhebber en ’n ywerige drawwer).

Vir gewone mense met ’n behoefte daaraan om elke dag ’n kort gedagte te lees waaraan hulle kan herkou of met ’n geliefde of vriend oor kan gesels, kan hierdie boek moontlik baie waardevol wees.

Beskikbaar by Bybel-Media.

Dr Rudolph Scharneck is predikant by die NG Kerk Goudini op Rawsonville.

’n Blik op sending in Japan waar Reformed Church of Japan

***Die liefde van Christus dring ons – die verhaal van Missie Japan (50 jaar)* deur Pieter van Jaarsveld**
Uitgewer: CLF, 2024
Resensent: Arnau van Wyngaard

Ek kan nie help om te wonder hoeveel mense op ’n dag besluit het om iewers in die wêreld die sendingveld te betree, nadat hulle ’n boek soos hierdie een gelees het nie. Ek onthou hoe ek self vir jare die nuusbriewe van Neil en Peggy Verwey van Japansending ontvang en verslind het.

In hierdie boek vertel die skrywer vir ons baie meer oor die agtergrond en werk, nie alleen van die Verweys nie, maar ook van ander baanbrekers in die sendingwerk van die NG Kerk in Japan, soos Tobie en Annelie de Wet, en Stéphan en Carina van der Watt.

Die RCJ (Reformed Church of Japan) is minder as ’n jaar ná die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog gestig en het intussen gegroei tot ’n kerk met 140 gemeentes en 10 000 lidmate. Natuurlik het hierdie groei nie sommer oornag plaasgevind nie. Hierdie boek wil die leser intrek in die verhale van mense: sendelinge vanuit die NG Kerk, maar ook plaaslike Christene wat toenemend leiersrolle in die RCJ gespeel het, wat daartoe bygedra het dat die RCJ bly groei het.

Die boek is in ’n lekkerleesstyl

geskryf en bevat ook heelwat foto’s. Dat die verkondiging van die evangelie in Japan met baie uitdagings gepaardgaan, kan nie ontken word nie. Maar geen ernstige leser van hierdie boek sal die boek kan toemaak sonder om ’n klein bietjie jaloers te wees op die mense wat vir soveel jare onselfsugtig hulle lewe aan hierdie taak gewy het nie.

Beskikbaar by Christelike Lektuurfonds.

Dr Arnau van Wyngaard is die hoof-uitvoerende beampte van Shiselweni Home-Based Care en voormalige leraar van die Shiselweni-gemeente van die Swaziland Reformed Church.

Geloofsvorming: Goeie gids om jou te help dink

***Om te word wie ons is – Oor geloofsvorming in en deur gemeentes* deur Coenie Burger, Marnus Havenga, Jana van den Munckhof, Cas Wepener (reds)**
Uitgewer: Bybelkor, 2023
Resensent: Doret Niemandt

Geloofsvorming is ’n tema wat die afgelope tyd baie aandag geniet. Vir lank het ons gefokus op lering (informasie). Dit het nie noodwendig gelei tot die transformasie (formasie) van mense nie. Hierdie boek probeer nie ’n nuwe teorie/teologie oor geloofsvorming ontwikkel nie, maar wil gereformeerde kerke deel maak van die wêreldwye gesprek en gemeentes help om nuut te dink. “Dit is ’n ideeboek, ’n dinkboek en ’n planboek.” Die boek is opgedeel in drie: agtergrond, hedendaagse gesprekke en die praktyk.

As ’n predikant wat soms sukkel met ’n eietydse en relevante bediening – waar bymekaarkom op ’n Sondag nog prioriteit is en belydenis van geloof nie die laaste “hoera” van geloofsvorming is nie – wil ’n mens amper die eerste twee dele van die boek oorslaan en reguit gaan na die praktyk. Wat kan ons anders doen om te word wie ons is? Die eerste deel van die boek help egter om te sien hoe diep en wyd geloofsvorming strek en hoe dit deur die eeue verander het. Dit help ons ook om te besef dat ons ten diepste verbind is aan ’n groter geloofsfamilie en dat ons nie die eerstes is wat hiermee worstel nie. Die tweede deel van die boek help ons om te sien dat geloofsvorming vandag nie ’n “one size fits all” benadering het nie. Die laaste deel se praktiese voorstelle oor wat gemeentes kan doen help met ’n getoetste en beproefde wegspringplek.

Moenie die boek van voor tot agter probeer lees nie. Die inhoudsopgawe gee ’n omvattende spyskaart waarvan jy kan kies om jou en jou gemeente vol te maak, geloofsvorming te (her)ontdek en te word wie julle in Christus is.

Beskikbaar by Bybelmedia.

Dr Doret Niemandt is predikant by NG Gemeente Valleisig.

Sosiale innovasie: Gevallestudies belig die nuutskepping caribuntu

***Caribuntu: Social innovation in South Africa* deur Erwin Schwella (red)**
Uitgewer: CLF-uitgewers, 2024
Resensent: Yolandi Kok

Die Caribuntu: Social innovation in South Africa – gevallestudieboek onder redaksie van Erwin Schwella is ’n tydige geskenk aan gemeentes en organisasies wat betrokke is by gemeenskapswerk.

Die leser word bekendgestel aan die begrip caribuntu, wat ’n nuutskepping is uit die woorde “caritas” (die Latynse woord vir liefde en omgee) en “ubuntu” (die Afrikafilosofie wat sê: “ek is en daarom is jy”). Caribuntu dui gevolglik op ’n wederkerige omgee en sorg-verhouding tussen mense. Hierdie begrip begrond die benadering tot gemeenskapsontwikkeling wat verder in die boek verduidelik word.

Die doel van die boek is om die leser beter vertroud te maak met die begrippe en proses van sosiale innovasie. Hierdie proses sluit die ontdekking van moontlike oplossings tot probleme in ’n gemeenskap en dan die verifikasie, verfyning en uitvoering van ’n prototipe diens of projek in.

Lesers sal ook baat vind by Schwella se lerende leierskapsmodel. Dit verduidelik die houdings en vaardighede wat nodig is vir ’n organisasie om sosiaal innoverend te wees.

In ’n tyd waar geloofsgebaseerde organisasies hulle rol in die lewering van maatskaplike dienslewering herontwerp en herverbeel, is die voorbeelde vervat in die gevallestudies baie prakties en behulpsaam. Die leser kry die geleentheid om na die binnewerke van innoverende nie-winsgewende en geloofsorganisasies te kyk en by hulle te leer. Die verskillende outeurs van die gevallestudies kwyt hulle goed van hulle taak deur die verhale van hulle pionierswerk boeiend vas te lê.



Die gevallestudies kom van uiteenlopende kontekste regoor Suid-Afrika en sluit voorbeelde van wat die boek “sosiale besighede” noem in. Hierdie blootstelling gee die leser die geleentheid om uit strategieë binne werklike situasies te leer. Die leser kry ook dieper insig oor die impak wat innoverende projekte, dienste en besighede maak in die bevordering van volhoubare oplossings.

Caribuntu: Social innovation in South Africa is uiters leersaam en inspirerend!

Beskikbaar by CLF.

Ds Yolandi Kok is predikant by die NG Kerk Domus Dei Randburg-Suid en voorsitter van die portefeulje vir diensgetuienis en gemeenskapsbetrokkenheid van Sinode Hoëveld. Sy is ook voorsitter van die maatskaplikedienstekantoor Tutela in Linden.

Hoekom vind Christene geweld so dikwels aanvaarbaar?

***Draai die ander wang* deur Deon Loots**
Uitgewer: Skrywer self, 2024
Resensent: Ankia du Plooÿ

In die boek *Draai die ander wang* voer Deon Loots ’n diepgaande gesprek oor die rol van geweld binne die Suid-Afrikaanse kerklike gemeenskap.
Die skrywer werp lig op die dissonansie tussen Christelike beginsels en die beregtiging van geweld binne kerkgemeenskappe. Hy vra hoe dit moontlik is dat Christene, wat geroepe is om die vredesboodskap van Jesus uit te leef, dikwels geweld as ’n aanvaarbare oplossing vir konflikte beskou? Loots gebruik sy eie ervarings en die insigte van denkers soos Walter Wink en Leo Tolstoy om hierdie dilemma te verken en te beklemtoon dat kerklidmate gefaal het in die roeping om ware dissipels van Christus te wees.

Loots se reflektiewe aanpak dwing lesers om na te dink oor die wese van dissipelskap en hoe gedrag lyk wat deur die Gees van God bepaal word. Vir Loots gaan dit ten diepste oor wie ons as dissipels en volgelinge van Jesus Christus is. Vir hom gaan dit oor die uitleef van dit wat ons bely en glo onder alle omstandighede en te alle tye, veral wanneer die lewe moeilik is.



Lesers word ook uitgenooi om saam met die skrywer idees te oorweeg oor hoe ons vandag draers van die goeie nuus in Suid-Afrika kan wees. Loots vra of dit te veel gevra is om in ons omstandighede die weg van Christus te volg?

Hierdie boek is ’n noodsaaklike toevoeging tot die gesprek oor geloof, geweld en die roeping van dissipels van Jesus Christus in ’n toenemend gewelddadige samelewing. Dit is maklik om te lees en help jou om na te dink oor ’n leefwyse waarin jy goed kan wees vir ander, selfs in moeilike tye.

Beskikbaar by dissipelskap.co.za.

Ds Ankia du Plooÿ is die uitvoerende bestuurder van die vrouebediening in die sinode van Wes-Kaapland.

Suid-Afrikaanse Jeugkoor-optrede

Goue appels vir skeppendes

Die Andrew Murray-Desmond Tutu-prysfonds (AMDTPF) het ná 45 jaar 'n nuwe voorsitter. **Le Roux Schoeman** doen verslag oor die rol van boekpryse en die instellings wat pryse uitdeel.

Sy pa het 'n slagpale op Ceres en 'n bobbejaan gehad, vertel prof Daniël Louw op bl 172 van sy jongste boek. Die aap was slim, maar aan 'n paal op die perseel geketting, luidens die anekdote wat dan lei tot refleksie: "Gevirtualiseerde humaniteit is interessant en opwindend. Tog ontduik virtuele transendensie nie die reële vraagstuk van menslike broosheid en verwonding nie? Ons bly geketting soos die aap op die paal by Ceres se abattoir: Menslike feilbaarheid."

En vir die soveelste maal in die boek meld hierdie leser se eie intellektuele feilbaarheid aan. Wat het ek pas gelees? Hierdie boek beslaan 699 bladsye op swaar, blink papier met 'n magdom uiteenlopende prentjies, skermgrepe en memes. Op die agterblad word die skrywer deur een resensent as 'n "f*kken genius" beskryf en daar word deur 'n ander gesê die werk maak "ongetwyfeld 'n akademiese bydrae, waarskynlik in die eerste plek tot die pastoraat."

Naledi is die uitgewer en terwyl die titel (*Daar is méér*) jou dalk wil voorberei teen die omvang van die werk, is 'n sterker leidraad in die subtitel te vind: "Mymeringe oor die spiritualiteit van skoonheid, sin, siel en sterflikheid." Ten slotte, steeds op die titelblad, verskyn 'n sin wat dít wat op die leser wag die fermste vasvat: "'n Outobiografiese reisverhaal deur Amper-Stamperland en Metaversum."

Wenner vir 2024

Dit is deel van die boeklees- en helaas boekkoopproses dat 'n mens oomblikke van twyfel bereik. Gaan dit my loon om deur te druk tot op bl 227 en, byvoorbeeld, die hoofstuk getiteld "Diakroniese denke: God sonder verjaarsdag, geboortedatum of ruimtetuig in die hipersfeer van virtuele denke"? En, indien wel, sal die grafika op bl 248 my help verstaan wat die skrywer bedoel as hy sê: "Diakroniese denke verteenwoordig 'n manier van wees waarin die tydsgebeure sinkronies saamval met die gebeurlikhede in die hede"?

Oomblikke van privaattwyfel opsy, het prof Daniël J Louw se nuwe swaar, blou boek een groot en baie publieke ding wat in sy guns tel: Die Andrew Murray-prys vir 2024. Die beoordelaars, prof Nelus Niemandt, ds Maartje van der Westhuizen en die *Rapport*-joernalis Julian Jansen, beskryf die boek tegelyk as "magistraal" in navorsingsomvang en "pure bederf" vir die leser. Onderhoude word gevolglik met die teoloog gevoer: Skrywer van wenboek in kompetisie met prysgeld en prestige – kommoditeite waarvan daar ook in die NG Kerk-literêre kompleks nie onuitputbare bronne is nie. Die stempel is gedruk; die sisteem het gepraat.

Pryse as waardebepalers

In die boekewêreld – ver van Netflix en YouTube waar algoritmes verstommend akkuraat voorspel dat jy as individu hiervan sal hou oor jy daarvan gehou het – steun ons nog swaar op boekpryse en boekresensies. Ook *Kerkbode* publiseer 'n waarderende gesprek met prof Louw deur dr Carike Noeth, 'n navorsingsgenoot aan die Universiteit Stellenbosch en konsultant. Dit is hoeka daar waar die leser 'n handige greep kry op die skrywer se storie met die boek: Dat hy in 'n soeke na die egtheid van die Christelike geloof afkom op 'n "sinnetjie wat hom sprakeloos laat": 'n God sonder 'n hart is 'n afgod. Dit laat hom weliswaar nie totaal sprakeloos nie, want 'n boek van byna 700 bladsye volg weldra, maar dit is nietemin 'n tipe oorsprongverhaal wat empatie kweek en leeslus wek. (Louw self skryf dan vroeg in die boek dat dit wat volg meer "libretto-pamflet" as skryfstuk met konvensionele plot is … wat weer die leeslus ietwat temper).

Tot 'n groot mate lees ons steeds die lippe van legitimerende instellings soos die AMDTPF en die resensie op enige oorblywende boekeblaaie of webwerwe. Soos waterpunte langs 'n maraton wat vir jou sê: druk deur, hou moed. Of, beter nog, vir jou die sleutels gee wat ingewikkelde en/of onkonvensionele werke ontsluit, kontekstualiseer en vier. Dit is een ding vir 'n skrywer (soos op bl 24 van

Daar is méér) om te verklaar: "My diepste begeerte is dat teologie en die dissipline van pastorale sorg weer die geheim van verwondering sal ontdek." Die presiese wyse waarop die skrywer daarin slaag en wat die boetes is vir mislukking of die wins van sukses met daardie projek is … dáármee het ten minste hierdie leser bekwame hulp en vaardige beoordeling nodig.

Gaum gee oor aan Wyngaard

Oor 'n tydperk van 45 jaar het dr Frits Gaum as voorsitter en lid van die prysfonds gedien. Onder hom het 'n netwerk van beoordelaars groot invloed uitgeoefen op hierdie presiese dinamika van standaardbepaling en aansporing en finansiële vergoeding vir die dikwels moeisame, taamlik weerlose proses wat skryf is. Vanjaar het Gaum uitgetree. In Mei het hy sy laaste sitting van die prysfonds se ledevergadering gelei. Op 'n windstil Vrydagmiddag het Gaum vanaf 16:00 tot die son suutjies agter Leeukop se agterstewe begin sak het aan die hoof van 'n raadsaaltafel in die Kunstekaap gewerk deur 'n agenda oor als van detail tot groterprentjiesake. Die grootste hiervan is stellig die toekoms van die pryse self en per implikasie die plek wat hulle in die kulturele landskap inneem.

Bettina Wyngaard is die nuwe voorsitter. Om die tafel van die ledevergadering sit ander rolspelers en belanghebbers en luister aandagtig na Gaum, wat meedoënloos die skemer in werk. Van die uitgewers is Lux Verbi en CLF verteenwoordig, asook Bybel-Media. Daar is verteenwoordigers van die Fakulteit Teologie by NWU asook die Fakulteit Teologie en Religie van UV en die NGK-kuratorium op Stellenbosch asook die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit en Hugenote Kollege. Hulle sit om die tafel waar Wyngaard uiteindelik amptelik die stokkie oorneem. Die Desmond & Leah Tutu-stigting is ook verteenwoordig en die verruiming van die pryse se benaming om die wyle "Arch" in te sluit, was iets van 'n scoop vir die oud-kerkkoerantman en "on brand" vir die teologies toenemend inklusiewe Gaum.

Wie vind deesdae baat by hierdie pryse? Vanjaar se wenners lyk as volg:

Die Andrew Murrayprys vir algemeen-Christelike boeke in Afrikaans gaan dan aan Louw vir *Daar is méér*. Dit behels 'n oorkonde en R25 000.

Die Andrew Murray-Desmond Tutuprys vir teologiese boeke in 'n amptelike taal van Suid-Afrika, uitgesonderd Afrikaans gaan aan *Reluctant prophet: Tributes to Albert Nolan* OP, redakteurs: Mike Deeb, Philippe Denis en Timothy Radcliffe.

Die Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir debuutwerk in 'n amptelike taal van Suid-Afrika gaan aan Sandy Schoeman vir haar debuutwerk, *Rooiletterkind*, uitgegee deur Naledi.

Dr Frits Gaum, uittredende voorsitter: Andrew Murray-Desmond Tutu-prysfonds en Bettina Wyngaard, sy opvolger.

Links: Prof Daniël J Louw, wenner van die Andrew Murrayprys vir Christelike publikasies in Afrikaans.

Doc Mabila ontvang namens Betereinders die Jaap Durand-Denise Ackermann-toekenning vir Eenheid, Versoening en Geregtigheid

Die CLF-Elise Tempelhoff-toekenning vir Omgewingsbewaring en -geregtigheid is toegeken aan Lizelle de Bruin vir "haar beduidende bydrae om omgewingsbewaring onder die aandag van die publiek te bring".

Die Jaap Durand-Denise Ackermann-toekenning vir Eenheid, Geregtigheid en Versoening is toegeken aan die organisasie Betereinders "vir hulle bydrae om geregtigheid en versoening in Suid-Afrika te bevorder".

'Julle hou ons hande omhoog'

De Bruin het in haar bedankingswoord laat blyk hoe dit voel om aan die ontvangkant van hierdie soort erkenning vanuit die breër bedryf te wees: "Ek hoop dat ons met radio groot bewustheid kan kweek oor die waarde van bome. Ek sal graag wil hê dat ons soos tuiniers moet opgewonde raak oor groentetuine. Ek sal graag dat ons soos toekomskundiges moet dink oor oplossings vir ons wêreld en ek sê dan vir julle dankie dat julle ons hande hoog hou. En dat ons met toekennings soos hierdie kan voortgaan om dit te doen," het De Bruin gesê.

In sy ontvangsrede het Doc Mabila, van die pas bekroonde Betereinders, weer gesê dié wat goeie werk doen, moet voortgaan daarmee en opgemerk dat dit soms goed is om eers aan onsself te werk voor ons ander se foute uitwys. Vir 'n relatiewe klein NRO was dié duidelik 'n gewaardeerde hupstoot.

Ook Gaum was aan die woord by die aand se stylvolle prysoorhandigingsgeleentheid. Staaltjies van die afgelope dekades: die aand toe daar 'n spogdinee was maar weens 'n misverstand nie kos vir hulle om te eet nie … "Dit was nogal 'n konsternasie maar op die ou end is almal goed gevoed," het Gaum vertel.

Dan was daar die aand toe Gaum per ongeluk 'n glas wyn langs wyle Johan Heyns omgestamp het. En die aand toe 'n pryswenner sê dat hy selfs die prys sou weggee indien sy seun net van sy dwelmgewoonte sou kon ontslae raak … "Dit was vir my verskriklik aangrypend," het Gaum onthou.

Geklee in 'n swart donsveerbaadjie en sittende, met sy rug na meeste van die gehoor weens die feit dat Gaum deesdae met moeite beweeg, het hy gesê: "So, vriende, blydskap hartseer, ongelukkigheid … Dit is maar soos dit gaan met sulke dinge. Maar ek dink die Andrew Murray-prysfonds het tog 'n bydrae gelewer. Ook vir versoening in Suid-Afrika, wat ons broodnodig het … Versoening is deel van die hele gedagte agter die (pryse). Maar ook dan, boeke, om media te bekroon. Om mense aan te spoor om te skrywe en te skep in verskillende tale in Suid-Afrika," het Gaum verduidelik aan sowat 300 mense in die gehoor. "Die wortels lê op Wellington, in die Afrikaanse gemeenskap, in die NG Kerk, maar die net is wyer gespan, en dit is goed so," aldus Gaum.

Die voormalige *Kerkbode*-redakteur het toe na sy opvolger gedraai: "En Bettina, jy neem die leisels oor. Mag die Here jou genade gee om die goeie pad te loop sodat die prysfonds 'n betekenisvolle rol in Suid-Afrika sal speel." Gaum het ook sy vrou bedank. "Henda, jy is tog 'n staatmaker."

Wyngaard het op haar beurt via 'n kort vooraf-opgeneemde videoboodskap gesê: "My voorsitterskap gaan waarskynlik baie oper en platter wees as wat mense aan gewoond is, maar dit is deel van die pret, die vernuwing, dinge 'n bietjie anders doen."

En toe is Louw na die podium om die groot prys van die aand te ontvang. "Kom ek gryp na Salomo … Goue appels op versierde skinkborde," is hoe hy sy waardering uitgedruk het. "Met die skrywe van hierdie boek wou ek die middel-C van die Christelike geloof 'n slag hard slaan … Dit is hierdie boek … Druk-druk daar op die middel-C van die Christelike geloof," verduidelik die teoloog, wat vanaf 2001 tot 2005 dekaan aan die Fakulteit Teologie by Universiteit Stellenbosch was, vanaf die verhoog. En daardie aand, tuis, trek ek weer sy wenboek nader.

Ja, grootmense ly ook aan AGHS (ADHD)

MARIETTE SNYMAN

Is jy 'n nagwolf? Sukkel jy met tydbestuur, besluitneming of om take te voltooi?

Ervaar jy angs, frustrasie, dalk aggressie? Voel jy dikwels ontoereikend? Dis moontlik te wyte aan volwasse aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom (AGHS).

Maar kan grootmense ook aandagafleibaar wees? En hiperaktief? Word dié toestande dan nie ontgroei nie?

"Wanneer ek vir volwasse kliënte met ongediagnoseerde aandaggebrekhiperaktiwiteitsindroom (oftewel AGHS) 'n opsomming wys van die simptome, en die impak daarvan op 'n mens se lewe, begin sommige huil – uit pure verligting dat iemand uiteindelik verstaan."

So vertel Hannelie Spies, 'n opvoedkundige sielkundige op Stellenbosch, en voeg by: "AGHS raak meer volwassenes as wat ons besef. Wêreldwyd word die voorkoms onder volwassenes op 2,8% tot 4,4% van die bevolking geskat, maar om verskeie redes kan dit so hoog soos 6,8% wees. En dis meer algemeen by mans as by vroue. "

Mense vra dikwels of AGHS aangebore is. Ons weet nie; wetenskaplikes ondersoek nog die oorsake. Afgesien van 'n genetiese geneigdheid – dit word inderdaad binne sekere families aangetref – speel omgewingsfaktore ook 'n rol. Onder meer prenatale of vroeë blootstelling aan alkohol, tabak en ander gifstowwe; 'n lae geboortegewig; premature geboorte; stres tydens swangerskap."

Wat wel onomwonde by AGHS blyk, is dat sekere areas in die brein aangetas is, asook die werking van spesifieke senuoordraers. Laasgenoemde is die chemiese stowwe wat die oordrag van seine in die senuweestelsel moontlik maak. Allerlei faktore, onder meer neuro-ontwikkeling en faktore soos ontwikkelingsagterstande, trauma en chroniese spanning verhoog die intensiteit van die simptome. Hannelie sê ook: "AGHS word soms uitsluitlik met kinders geassosieer. Dis foutief; dit kom vir seker ook by volwassenes voor. Dis wel moontlik dat volwassenes met die tipiese simptome dié toestand van kindsbeen af gehad het, maar dat dit nooit gediagnoseer is nie."

Sulke mense het dalk goed gefunksioneer omdat hulle in 'n gestruktureerde omgewing grootgeword het. Hulle kon hul leefwêreld met die minimum inspanning navigeer, en was intelligent genoeg om hul simptome te verskans.



Die oomblik toe hul verantwoordelikhede begin toeneem, byvoorbeeld om as student op jouself aangewese te wees, of toe hulle pa of ma geword het, of toe hulle 'n veeleisende werkomgewing betree het, het die AGHS-simptome problematies geword. Dan is dit ook so dat AGHS in baie gevalle ongediagnoseer bly omdat dit met persoonlikheidversteurings of ander geestesgesondheidtoestande verwar word.

Hoe weet ek dis AGHS?

AGHS word gekenmerk deur simptome wat met aandaggebrek, hiperaktiwiteit, impulsiwiteit en swak uitvoerende funksie verband hou. Elke mens wat daaraan ly, toon 'n unieke versameling eienskappe wat met bogenoemde verband hou. En die intensiteit van die simptome verskil. Hannelie sê: "Wees op die uitkyk vir swak aandagfokus, veral as bepaalde take langdurige konsentrasie verg. Asook swak organisasievermoë en swak tydbestuur."

Dit kom veral in die volgende na vore:

> afsprake word misgeloop en rekenings word nie betaal nie;
>dié mens se kantoor is érg deurmekaar;
>hulle vind dit moeilik om meer as een taak op 'n slag uit te voer;
>die begin en deurvoer van take is 'n uitdaging;
>take word uitgestel, al is die nodige vaardighede teenwoordig; dis die uitvoering daarvan wat moeilik en selfs onmoontlik is;
>swak korttermyngeheue (onder meer name en datums);
>vergeetagtigheid, veral wat roetinetake betref (die sleutels, foon of beursie is gedurig soek);
>hulle begaan onnodige foute (byvoorbeeld berekeningsfoute);
>impulsiewe optrede en besluitneming is 'n probleem;
>'n gebrek aan selfbeheersing;
>rusteloosheid en 'n onvermoë om te ontspan;
>sensitiwiteit of irritasie is 'n kwessie;
>'n probleem om frustrasie en aggressie te beheer;
>daar is uitdagings betreffende verhoudings en sosiale omgang;
>hulle praat onophoudelik en het soms geen "filter" nie;
>hulle sukkel om hul beurt af te wag;
>hulle sukkel om op 'n kalm manier aan aktiwiteite deel te neem;
>hulle kry dikwels nie genoeg hoëgehalte slaap nie.

"Dis voorts interessant," sê Hannelie, "dat iemand met AGHS, ten spyte van swak konsentrasie en gebrekkige fokus, ure lank op dit waarin hulle werklik belangstel (soos rekenaarspeletjies) kan 'hiperfokus'."

Die emosionele impak

Die emosionele impak op mense met AGHS word maklik misgekyk en daarom verwaarloos. Dit lei dikwels tot die volgende:

>**frustrasie**, omdat hulle sukkel om doeltreffend te funksioneer. Hulle weet wat om te doen, maar kan dit nie suksesvol deurvoer nie. En dit beïnvloed hul werk sowel as hul persoonlike verhoudings.
>**woede** – teenoor hulleself weens onnodige foute, en teenoor ander mense wat hulle nie verstaan nie;
>**hartseer en depressie**, omdat hulle voel hulle is nie goed genoeg nie en dat sukses hulle bly ontwyk, hul beste pogings ten spyt;
>**angs oor die toekoms**, omdat hulle hul werk mag verloor en dan nie vir hul gesin sal kan sorg nie. Of angs omdat hulle nie kan vriende maak nie.
>**'n lae selfbeeld en swak motivering**, omdat hul persoonlike sowel as professionele lewe soveel uitdagings meebring;
>**skuldgevoelens**, omdat hulle nie hul simptome goed genoeg beheer nie, en omdat hulle voel hulle is 'n las vir ander.

Hannelie voeg by: "In 75% van alle AGHSgevalle kom daar minstens een gepaardgaande toestand voor: dalk iets soos angs, of depressie, of bipolêre siekte, of middelmisbruik."

Wie diagnoseer dit – en wat dan?

AGHS word deur 'n mediese praktisyn – insluitend 'n psigiater, sielkundige of huisdokter – gediagnoseer. Dis 'n komplekse proses en behels onder meer 'n kliniese assessering (byvoorbeeld mediese, ontwikkeling- en skolastiese agtergrond), vraelyste, en ander meetinstrumente. Simptome en verwante faktore word volgens die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM 5) en ander bronne beoordeel.

Die ondersoek moet ander moontlike toestande of oorsake uitsluit. Insette deur ander professionele persone, of mense wat by die individu betrokke is, kan waardevol wees.

Die doel is om 'n geheelbeeld te verkry en om 'n ondersteuningsplan op grond van die betrokke persoon se sterk- en swakpunte te ontwikkel. Hannelie sê: "Vir my is dit baie belangrik om vas te stel hoe AGHS, of die feit dat dit nooit gediagnoseer is nie, dié mens emosioneel beïnvloed."

Die behandeling werk goed as daar 'n professionele persoon betrokke is wat spesifiek op die ondersteuning van die AGHS-lyer fokus. 'n Spanbenadering, waar 'n psigiater en 'n sielkundige teenwoordig is, is ideaal.

Ondersteuningstrategieë kan medikasie, uitvoerende funksie-opleiding, psigoterapie en aanpassings tuis of in die werkplek insluit.

Hannelie sê: "Sommige mense voel negatief oor die gebruik van medikasie. Hoewel dit nie my onmiddellike opsie is nie, is daar wel mense wat beter funksioneer wanneer hulle dit gebruik. Die betrokkenes moet net geduldig wees en gereeld die psigiater raadpleeg; dit kan maande duur om die korrekte medikasieprotokol te vind.

"Ek volg in my praktyk 'n parallelle proses van psigoterapie en die hantering van uitvoerende funksies, oftewel 'executive functioning coaching'. Laasgenoemde raak die kognitiewe

> vervolg op bl 17

> vervolg van bl 16

prosesse wat by die beplanning, organisering en uitvoering van take betrokke is. Dis noodsaaklik vir elke dag se suksesvolle funksionering.

"Die weeklikse sessies wat ek aanbied, is daarop gerig om die persoon se omgewing en funksionering te optimaliseer. Uitdagings soos werkende geheue, aandag, impulsbeheer, organisasie- en tydbestuur, die begin en deurvoer van take, probleemoplossing en besluitneming word ondersoek en gehanteer.

"Dié proses verg deursettingsvermoë en die bereidwilligheid om te verander. Met die steun van al die betrokkenes, wat gesinslede en vriende insluit, is dit 'n wenresep.

"In die terapie-gedeelte van die behandeling ondersoek ons moontlike ontwikkelingstrauma en die jare lange emosionele uitwerking van AGHS op die persoon se funksionering.

"Die doel hiermee is om hulle te help besef dat daar niks met hulle verkeerd is nie. Die feit dat hulle nie gou genoeg die nodige ondersteuning gekry het nie, het bygedra tot, byvoorbeeld, 'n swak selfbeeld, onderprestasie, die ongunstige vergelyking met tydgenote, of die boeliegedrag waaraan hulle blootgestel is.

"Ons verstaan AGHS nog nie vollledig nie, maar navorsingstudies bring gereeld nuwe insigte na vore. En bewusmaking verminder die stigma en bevorder ondersteuning, tuis én in die werkplek."

Ondersteun jou maat só

Verstaan die impak wat AGHS op jou geliefde het deur meer daaroor te leer.

Wees geduldig, en probeer jou indink wat jou maat moet deurmaak.

Moedig jou maat aan om professionele hulp te kry.

Help om 'n gestruktureerde omgewing te skep, wat roetine en 'n stil werkhoekie insluit.

Spoor jou geliefde aan om te oefen, al is dit bloot 'n paar minute per dag.

Oefening wat jou laat ontspan, om bewustelik te leef en tyd wat in die natuur deurgebring word, verminder ook stres. En dis belangrik, want stres vererger die simptome. Verseker jou maat van jou liefde en ondersteuning.

Hannelie Spies is 'n opvoedkundige sielkundige wat op Stellenbosch praktiseer. Sy het 'n spesiale belangstelling in AGHS en gepaardgaande toestande in kinders, adolessente, studente en jong volwassenes. Kontak haar by www.hanneliespies.co.za

Hierdie artikel is oorspronklik by lig.co.za gepubliseer.

Terug na die toekoms

Wat vier die NG Kerk werklik met die herdenking van 1824?

JOHAN VAN DER MERWE

Die geskiedenis van die kerk maak min mense opgewonde. Voeg die geskiedenis van 'n kerkvergadering soos die Algemene Sinode daarby en die belangstelling taan verder. Waarom sou dit dus belangrik wees om in 2024 die ontstaan van die eerste Algemene Sinode op Suid-Afrikaanse bodem 200 jaar gelede te herdenk?

Miskien help die bekende teoloog Karl Barth om die vraag te beantwoord wanneer hy skryf dat ons verstaan van wie en wat die kerk is, die struktuur en regering van die kerk bepaal. 'n Mens sou die stelling natuurlik ook kon omdraai en vanuit die huidige konteks sê: "Hoe die kerk werk wys hoe ons verstaan wat die kerk is." Maak 'n mens dit van toepassing op die eerste sinode wat op 2 November 1824 byeengekom het, gaan die gebeure oor veel meer as die historiese byeenkoms van 'n kerkvergadering.

Dit wat 200 jaar gelede gebeur het word dan 'n eerste belangrike tree op pad na 'n bepaalde manier van kerkwees in Suid-Afrika, 'n manier van kerkwees, waar die struktuur van die kerk die gemeentes van die kerk tot diens behoort te wees. Anders gestel: Hoe die kerk werk moet altyd in diens van die roeping van die kerk op grondvlak wees.

Natuurlik was die NG Kerk se kerkwees nie net 'n pad van maanskyn en rose nie. Die verbreking van hierdie eerste kerkverband deur die ontstaan van verskillende Afrikaanse kerke in die Zuid-Afrikaanse Republiek (die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) en die Loedolff-saak van 1862 wat aanleiding gegee het tot verskillende sinodes van die NG Kerk in die Vrystaat, Natal en Transvaal, is van die groot laagtepunte terwyl die ontstaan van die Algemene Sinode in 1962 en die uitbreiding van die kerk tot 10 streeksinodes waarskynlik as van die grootste hoogtepunte uitstaan.

Tweehonderd jaar later is die groot vraag: Wat beteken hierdie geskiedenis vir die kerk in Suidelike Afrika? As ons in ag neem wat Barth gesê het, handel die gebeure van 200 jaar gelede oor veel meer as die ontstaan van 'n kerkvergadering. Wat gebeur het, herinner ons opnuut aan die roeping van die NG Kerk. Dit daag elke gemeente van die kerk uit om waarlik kerk te wees in die konteks en tyd waarin ons leef. Kry die kerk dit reg, is die herdenking van die eerste Algemene Sinode in 1824 nie 'n stuk vervelige kerkgeskiedenis nie, maar word dit 'n belangrike moment in die geskiedenis van die NG Kerk.

Miskien kan dit wat 200 jaar gelede gebeur het, so ook 'n baken van hoop, herstel en genesing word in 'n land wat daarna smag.

Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is 'n voormalige aktuarius van die Algemene Sinode.

GEBORGDE ARTIKEL Fokus op kerkmusiek missio.org.za

Só werk die vereistes en voordele van jou gemeente se kerkmusieklisensie

Musiek is 'n wonderlike uitdrukking van geloof en 'n belangrike deel van jou gemeente se eredienste. Elke noot wat gespeel word en elke woord wat gesing word, help lidmate om hulle geloof te versterk en nader aan God te beweeg.

Dit is egter belangrik om te onthou dat hierdie musiek nie net geestelike waarde dra nie. Dit verteenwoordig ook die intellektuele eiendom van vele kunstenaars, wat deur kopiereg beskerm word. Om hierdie musiek in jou gemeente te gebruik vereis daarom 'n kerkmusieklisensie.

Waarom moet jou gemeente 'n kerkmusieklisensie betaal?

Jou gemeente gebruik musiek wat geskryf is deur komponiste en liedjie- en liriekskrywers. Hierdie kunstenaars het volgens wetgewing regte op hulle werk wat gerespekteer en onderhou moet word.

As jou gemeente musiek gebruik wat aan kopiereg onderhewig is, is 'n kerkmusieklisensie noodsaaklik. Hierdie lisensie stel jou gemeente in staat om kerkmusiek op 'n regverdige en etiese manier in verskeie kontekste te gebruik.

Dit sluit in om die liedere te sing, te projekteer, af te druk, te versprei en op verskeie platforms te stroom of uit te saai.

Wie bestuur die musiekregte?

Uitgewers soos Bybel-Media bestuur hierdie intellektuele eiendom, vorder gelde in van gebruikers (soos kerke en/of gemeentes) en betaal tantieme uit aan die kunstenaars. 'n Kerkmusieklisensie verseker dat jou gemeente voldoen aan die toepaslike wetgewing en dat kunstenaars regverdige vergoeding vir die gebruik van hulle werke ontvang.

Voorheen is alle lisensies deur CCLI bestuur.

Sedert 2023 het Bybel-Media die bestuur van kerkmusieklisensies oorgeneem. Church Music Licensing (CML) hanteer die lisensies namens Bybel-Media. Die lisensie sluit in die regte tot die *Liedboek van die kerk*, *Psalms en Gesange* (ander Skrifberymings), Vonkk en liederebundels soos *Die Halleluja*, *Sing onder mekaar* en *Jeugsangbundel 1 en 2*.

Wat word alles by jou lisensie van Bybel-Media ingesluit?

Jou kerkmusieklisensie van Bybel-Media gee aan jou gemeente die reg tot:

> die gebruik van die musiek tydens eredienste

> die stroom of uitsaai van geleenthede waar die musiek gebruik word

> gratis toegang tot Bybel-Media se Kerkmusiek-afdeling op die digitale Missio-platform.

Jou gemeente sal 'n jaarlikse faktuur van Bybel-Media ontvang. Indien jou gemeente FLAM- of Engelse liedere gebruik, sal julle 'n aparte faktuur vanaf CCLI ontvang.

Waar kry jou gemeente toegang?

Bybel-Media het 'n nuwe digitale platform ontwikkel waar gemeentes kerkmusiek, preekstof, kategesemateriaal, gemeentereekse en Bybelstudies op een plek kan vind. Wanneer jy jou musieklisensie uitneem, ontvang jy gratis toegang tot Kerkmusiek-afdeling op Missio.

Op Missio kan jy maklik en vinnig navigeer deur 'n uitgebreide biblioteek van musiekstukke, insluitend gewilde bronne soos die *Liedboek van die kerk*, Vonkk, *Psalms en Gesange* en verskeie ander liederebundels wat deur die jare geliefd geraak het onder gemeentes oor die land heen. Missio bied ook die geleentheid om nuwe musiek te ontdek en rond te speel met verskeie style en tematiese aanbiedings wat aansluit by die unieke behoeftes van jou gemeente.

Besoek gerus **www.missio.org.za** vir meer inligting.

NG NYLSTROOM-OOS

Uit God se liefde dien ons
..... ons Skepper
…... mekaar
…... ons gemeenskap
.... die natuur (deur bewaring)

VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR

Gemeenteprofiel: Nylstroom-Oos-gemeente is geleë in ’n “middel-grootte” plattelandse dorp (Nylstroom/Modimolle) in die Limpopoprovinsie, ongeveer 130 km noord van Pretoria. Die dorp bied goeie koopgerief aan inwoners, maar met ’n kleiner verskeidenheid as in die stad. Die dorp het twee redelik groot winkelsentrums, verskeie winkels en goeie skole, waar kinders hoë kwaliteit onderrig ontvang (die naskoolse kwalifikasies wat kinders uit hierdie skole behaal, bevestig die kwaliteit van onderrig). Hier is onderskeidelik ’n enkelmedium Engelse en ’n Afrikaanse laerskool asook ’n parallelmedium hoërskool.

Die gemeente word deur twee leraars bedien. Die “ruggraat” van bediening geskied deur middel van omgeegroepe. Verder is die gemeente baie gesteld om verhoudinge tussen lidmate te bou en te versterk. In hierdie verband speel gereelde huisbesoek deur die leraars ook ’n groot rol.

Nylstroom-Oos is ’n gemeente met ongeveer 955 belydende lidmate en 241 dooplidmate. Ons gemeente bied geleenthede vir lidmate om deur die loop van die jaar aktief aan verskeie aksies en byeenkomste deel te neem.

Leraarsprofiel: Nylstroom-Oos nooi dinamiese, energieke en gedrewe gelegitimeerde leraars van die NG Kerk, om aansoek te doen as medeleraar. Die bereidheid en vermoë om in ’n leraarspan te werk, is ’n ononderhandelbare vereiste. Verder sal die geestelike bediening aan kinders ’n belangrike deel uitmaak van die applikant se bediening (die Abraham Kriel-kinderhuis val binne die gemeentegrens).

Pligte word omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, met die fokus op:

- ’n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig en dit as ’n roeping beskou om in sy diens te staan.
- Woordgetroue, inspirerende en verstaanbare prediking, verbind aan die gereformeerde leer en belydenisskrifte van die Kerk.
- ’n Energieke persoon met ’n passie vir God en sy mense, asook ’n mense-mens wat met alle generasies ’n goeie verhouding kan bou en handhaaf, veral ten opsigte van huisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewensstadiums.
- Entoesiasties en ervare is rondom die kreatiewe gebruik van musiek, vernuwende tegnologie en sosiale media as bedieningshulpmiddels.
- Goeie interpersoonlike vaardighede hê en gemaklik in spanverband kan funksioneer.
- Moet verantwoordelikheid vir projekte saam met diensgroepleiers kan neem asook inisiatief kan neem met nuwe projekte en geestelike bedieningsgeleethede.

Vergoeding: Vergoeding sal redelikerwys volgens sinodale riglyne bepaal word. Behuising in ’n ruim pastorie is beskikbaar.

Aansoeke: Belangstellende, gelegitimeerde leraars moet asseblief ’n toepaslike CV, van nie langer as vier bladsye nie, met vermelding van bedieningsvoorkeure, persoonlikheidskenmerke, spiritualiteit en bedieningservering stuur na die kantoorbestuurder by kerkkantoor@ngoos.co.za of ngooskerkkantoor@gmail.com
Sluit asb die volgende in:

- Minstens drie kontakbare referente (die kerkraad behou die reg voor om persone addisioneel tot die referentelys te kontak).
- ’n Skakel na aanlyn eredienste.

Navrae kan gerig word aan die voorsitter van Diensverhoudinge, Gert Kruger, by 076 930 8576 of Deirdré Stoffberg 073 411 6944 (kantoorbestuurder).

Daaropvolgende proses:

- S**luitingsdatum vir aansoeke: Vrydag 16 Augustus 2024**
- Daar sal van alle aansoekers verwag word om ook ’n toepaslike vraelys te voltooi, wat teen 12:00 op 30 Augustus 2024 per e-pos ontvang moet word.
- Die diensverhoudingekommissie sal so spoedig moontlik ná 30 Augustus met elke applikant kontak maak.
- **Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2025.

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

NG GEMEENTE MAGALIESBURG

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad die volgende vakature bekend.

VOLTYDSE LERAAR

Iets oor ons gemeente:
Magaliesburg is ’n klein plattelandse dorp in Gauteng, sowat 30 km noordwes van Krugersdorp. ’n Deel van die gemeente lê in Noordwes-provinsie. Die meeste lidmate woon op plase of kleinhoewes in die distrik.
Binne die gemeentegrense is verskeie skole, onder andere Laerskool en Hoërskool Bekker. ’n Aftreeoord, Golden Harvest, is omtrent 10 km buite die dorp. Die gemeente bestaan tans uit 196 belydende en 23 dooplidmate. Byna die helfte hiervan is 65 jaar en ouer.

Iets oor die aansoeker:
Die tipiese aansoeker vir hierdie pos is ’n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wat tuis voel in ’n plattelandse gemeenskap. Hy/sy sal alle fasette van die bediening behartig. Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van verantwoordelikhede.

Vergoeding: Volgens sinodale skaal. ’n Gerieflike pastorie is beskikbaar op die kerkterrein.

As die Here jou lei om aansoek te doen, stuur jou CV met die kontakbesonderhede van drie onlangse referente na: ngkmagalies@absamail.co.za
Meld asb ook jou ABR-bevoegdheidskode.

Vir enige **navrae** kan die volgende persone gekontak word.
Miems Bruwer – saakgelastigde – 081 288 0777.
Helmi Breytenbach – huidige leraar – 082 338 4689.
Corrie Rautenbach – leierouderling – 082 619 3717.

Aansoeke sluit: Op 31 Augustus 2024.

Diensaanvaarding: Op 1 April 2025 (of so spoedig moontik daarna).

Die Kerkraad behou die reg om nie ’n aanstelling uit die geledere van die aansoekers te maak nie.

NG GEMEENTE BOTHAVILLE NOORD
DIEPER · NADER · VERDER

VAKANTE POS: JEUGWERKER/DIENSLERAAR

Dienstermyn: Driejaarkontrak (onderhandelbaar).

Gemeenteprofiel:
NG Gemeente Bothaville-Noord is ’n dinamiese plattelandse gemeente wat bestaan uit ongeveer 370 belydende en 125 dooplidmate.

Posbeskrywing:
Die gemeente is op soek na ’n energieke persoon met ’n sterk roeping en passie ten opsigte van jeug- en gesinsbediening. Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die organisering en uitvoering van die jeugbediening van alle skoolgaande jeug asook naskoolse jongmense in die gemeente en gemeenskap, onder leiding van, en in oorleg met, die plaaslike leraar en kerkraad.

Posvereiestes:
Persone wat oor die volgende vereistes beskik kan aansoek doen om die pos te vul:

- ’n Passie vir, en lewende verhouding met, die drie-enige God.
- Jongmense kan toerus en mobiliseer as gestuurdes na die wêreld.
- Jongmense verstaan en hulle geestelike en emosionele behoeftes kan bedien.
- Emosionele volwassenheid, goeie menseverhoudings en kommunikasievaardigheid asook sterk leiereienskappe.
- Goed in spanverband kan werk.
- Belydende lidmaat van die NG Kerk.

Kwalifikasies en ondervinding:

- Jeugwerk as spesialisveld indien as diensleraar opgelei òf ’n tersiêre kwalifikasie (drie jaar) in jeugwerk òf toepaslike werkervaring/kwalifikasie in soortgelyke veld.
- Ondervinding in jeugwerk is ’n sterk aanbeveling.

Aansoeke:
Aansoekers moet teen **31 Julie 2024** ’n volledige CV met drie toepaslike verwysings stuur aan die kerkkantoor: ngkbothavillenoord@gmail.com
Dit staan die aansoekers vry om ’n kort bekendstellingsvideo van hulleself in te stuur.

Diensaanvaarding: So gou doenlik.

Navrae: Japie Grobler (leierouderling) 082 825 8018.
Dr Johan Kruger (gemeenteleraar) 084 256 8031.

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

KONTAK ONS

Teken in op *Kerkbode:* Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek **www.kerkbode.co.za**

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis:
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

Proefleser:
Lambert Jacobs

Projekkoördineerder
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

Advertensies en vakatures:
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:
E-pos:
kerkbode@tydskrifte.co.za

Die volgende uitgawe van *Kerkbode* verskyn op 30 Augustus 2024.

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

JEFFREYSBAAI
SANDKASTEEL
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO
Selfsorgwoonstel. Pragtige seeuitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
Webblad: www.grietseplek.com

BLOEMFONTEIN
Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693. hanliedevilliers@webmail.co.za**

NG KERK ALBANIE (MAKHANDA)

VAKATURE: BRUGLERAAR (6-9 maande)

GEMEENTEPROFIEL:
Die NG Kerk Albanie (in Grahamstad/Makhanda) is in 1831 gestig en is een van die oudste NG gemeentes in die Oos-Kaap. Die gemeente bedien Makhanda (voorheen Grahamstad), sowel as die omliggende plaaswyke. Benewens Grahamstad is daar ook dienste by Riebeek-Oos en Fonteinskloof se wykskerke.

Ons is sentraal geleë tussen Gqeberha (voorheen Port Elizabeth) en Oos-Londen en digby die kusdorpe van Port Alfred en Kenton-on-Sea. Daar is ook verskeie wildreservate binne 'n radius van 100 km.

LERAARSPROFIEL:
Ons gemeente beleef tans 'n uitdagende tyd, maar ons is opgewonde oor die toekoms en benodig 'n brugleraar om ons in die proses te begelei.

VERGOEDINGSPAKKET: Is onderhandelbaar.

AANSOEKE:
- **Sluitingsdatum: 5 Augustus 2024.**
- **Diensaanvaarding:** 1 Oktober 2024.
- Stuur aansoeke en navrae: Die Voorsitter: Pre-Advies: skriba@ngkerkalbanie.co.za
  - Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV.
- Verdere navrae:
  - Ds Marnico Wessels (konsulent) – 082 376 1591.
  - Voorsitter van die kerkraad (Marius Crouse) – 083 409 5566.

Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

MEDELERAAR

Voltyds / Permanent

PAROW PANORAMA
God roep ons > God stuur ons

Die medeleraarspos by ons gemeente, vereis spesialisvaardighede.

Ons lys 'n paar wat vir ons belangrik is.
- Passievol toegespits op die energieke bediening aan en groei van jeug, jong werkendes en gesinne wat 'n besliste invloed op die bedieningsfokus van die gemeente meebring.
- Dinamiese en aktuele prediking met klem op lof en aanbidding. Eredienste moet belewenisse wees wat die jonger geslag sal prikkel.
- Innoverende aanslag en aktiwiteite waarmee jongmense en gesinne bereik en uitgenooi word na die gemeente. Bou en versterk verhoudings doelgerig met opregtheid en energie, met die uiteindelike doel van geestelike verdieping en groei.
- Ondersteuning van die leraar en die ander fokusareas van seniorbediening en impakvolle gemeenskapskerk.

Ons sien uit na jou twee bladsy CV en 'n kort video waarin jy meer van jouself vertel, hoekom jy vir hierdie pos aansoek doen en hoe jou vaardighede inpas by ons behoeftes.

Salaris volgens sinodale skaal (maks R600,000 pj behuising ingesluit).

Gesels gerus met Alwyn Small (083 556 5837) of Thea Diedericks (082 783 4394) as jy enige vrae het.

Sluitingsdatum: 31 Julie 2024.

Aanvangsdatum: So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

Stuur asb jou aansoek na Mariana Botha by **skriba@parow-panorama.co.za**

Die kerkraad behou die reg voor om onafhanklik van hierdie advertensie 'n aanstelling te maak of glad nie die pos te vul nie.

NG Umhlanga Gesinskerk

nooi belangstellendes uit om deel te word van ons unieke span.

Ons huidige leraar van drie jaar het 'n pos in Worcester aanvaar en daar is dus 'n vakature beskikbaar vir 'n voltydse predikant.

Sluitingsdatum: 30 Augustus 2024

Vakature: Voltydse leraar

NG Umhlanga Gesinskerk se visie is om as liefdesgemeenskap, geloofsgemeenskap en 'n verkondigingsgemeenskap, gesinne en enkellopendes te bedien.
Ons waardes word bepaal deur die riglyn wat Jesus in Matteus 22 saamvat wanneer Hy leer dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onsself.
Dit is NG Umhlanga Gesinskerk se droom dat elke lidmaat die vrug van die Gees sal dra soos dit in Galasiërs 5:22 beskryf word.

Gemeenteprofiel:
- NG Umhlanga lê in die hart van Umhlanga. Umhlanga is 'n multi-kulturele en sterk diverse omgewing. Die gemeente is 'n dinamiese, vloeiende en voorstedelike gemeente, geleë in 'n omgewing van (oorwegend) Engelssprekende kerke aan die noordelike kus van Durban met ongeveer 420 belydende- en 140 dooplidmate.
- Die gemeente word tans deur 'n voltydse leraar en een leraar in 'n 25% pos bedien.
- Jonger lidmate streef na vernuwing, terwyl hul steeds met die suiwer Skrif in hul moedertaal bedien wil word.
- Ons orkes is bekend vir hul musiek en in ons voorsang en erediens, sing ons Afrikaanse sowel as Engelse liedjies uit verskeie bundels.
- Daar is verskeie uitstekende hoër- en laerskole in die omgewing.

Leraarsprofiel:
Die gelegitimeerde predikant wat die Here in hierdie gemeente kom dien, het verkieslik tussen 12 en 15 jaar ondervinding en sal verantwoordelikheid neem vir:
- Die ontwikkeling en implementering van 'n strategie wat meelewing, groei en betrokkenheid by die gemeente bevorder en uitbou.
- Die ontwikkeling en implementering van jeugbedieningstrategieë met die doel om groei en ontwikkeling onder die jeug te bevorder.
- Bou op die kommunikasiemiddele en bedieningskanale alreeds in plek, deur die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeenteaktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- Kontak met lidmate in verskillende lewensfases en omstandighede besef en bereid is om met passie daaraan uitvoering te gee.
- As sterk kommunikeerder dinamiese prediking en Woorduitlegging sal toepas vir die omstandighede van die dag.
- As instrument in die hand van die Here in spanverband sal werk om God se doel vir hierdie gemeente te help uitvoer.

Vergoeding:
'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied.
Die vergoedingspakket sluit behuising in.

Aansoek:
Belangstellende leraars van die NG Kerk word uitgenooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan:
Die voorsitter van die gemeenteraad: Ettienne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za
- 'n Aanvullende motivering moet die aansoek vergesel waarin aangedui word hoe die kandidaat met sy/haar besondere talente kan bydra tot die vernuwing en groei van die gemeente.
- Kandidate wat oorweeg word, kan genooi word vir 'n onderhoud en om moontlik 'n erediens binne die gemeente te lei.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.
- Die pre-advieskommissie behou die reg voor om self ook inligting aangaande die aansoeker in te win.
- Die suksesvolle kandidaat moet bereid wees om psigosometriese toetse te ondergaan.

Sluitingsdatum: 30 Augustus 2024.
Diensaanvaarding: 1 Januarie 2025 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae:
- Die voorsitter van die gemeenteraad: Ettienne Thiebaut by: kantoor@ngumhlanga.co.za of sel: 083 631 1647.
- Ds Nico Janse van Rensburg: jansevanrensburgnico297@gmail.com of sel: 082 927 5742
- Skriba Christa Bester: kantoor@ngumhlanga.co.za of sel: 083 654 6645.

Die gemeenteraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

Geen lewe sonder rituele

Mites en rites word in alle sfere van die lewe gevind. Op sekere plekke soos kerke word hulle verwag, op ander plekke, soos die akademie weer nie. ’n Mens sou dink rasionele denke het lankal alle rites en mites by universiteite uitgeroei. Universiteite is tog die tempels waar tegniese taal, rasionele denke en funksionele handelinge nie ruimte laat vir rites en mites nie. Miskien kan studente in koshuise wat nog nie volledig die lig van die waarheid van die wetenskap gesien het nie nog rituele uitvoer, maar in die ander ruimtes van die akademie verwag ’n mens dit nie.

Helaas is die mens ’n maker van mites en ’n rituele dier en wil dit voorkom asof selfs ’n tegnologies gevorderde lewe nie sonder rituele moontlik is nie. Hiervan was ek onlangs opnuut bewus toe my jarelange kollega en vriend sy “afscheidsrede” in Amsterdam gelewer het waar ek ’n toespraak moes lewer. Op die vliegtuig kry ek uiteindelik tyd om die e-poskommunikasie meer noukeurig te lees: “als je staat, loopt of spreekt altijd de baret op” en ook: “’Mijnheer de rector, dames en heren’ ligt enigszins gevoelig en is te binair gedacht”. En so het dit ook gebeur – getooi in ’n leentoga van die Vrije Universiteit Amsterdam, met die baret op het ek die “gewaardeerde toehoorders” aangespreek.

Tydens die verrigtinge het ek opnuut besef dat die mens nie sonder rites en mites kan leef nie. Selfs die akademie raam ons met jool, met Intervarsity, met prosessies, togas, kleure en liedere tydens gradeplegtighede, en met intree- en -afskeidsredes. En ’n afskeidsrede, soos dié van my vriend, is natuurlik ’n klassieke oorgangsritueel of rite de passage soos benoem deur die antropoloog Arnold van Gennep. Dit is ’n rite wat korreleer met die lewensloop van die mens en die mite van een spesifieke individu se lewe. ’n Afskeidsrede is daarom vergelykbaar met ’n begrafnis aangesien die klem op afskeid as ’n oorgang val, ’n einde dus – jy word uitgeskop, oftewel gegroet. En daar is ’n rolverdeling waarin elke deelnemer sy plek moet ken. Daar is eerstens die pedel, ’n besoldigde amptenaar van die universiteit wat verantwoordelik is vir rituele en seremonies en wat moet toesien dat ongeveer veertig

sogenaamde hoogleraars reg geklee is deur die kollega in die garderobe en daarna noukeurig in ’n prosessie opgestel word. Daarna marsjeer die pedel, vooraan en septer in die hand, kompleet soos een van Avbob se lykbesorgers, ons in gelid na die Aula.

Die titel van my vriend se praatjie, soos sy nuutste boek se titel, lui *God in bits and bytes*. Hy verwys na dosyne filosowe en teoloë om sy argument stelselmatig te bou en ’n akademiese oeuvre en loopbaan so af te sluit. My oog vang ’n voetnota wat verwys na die iReligion van die Apple-maatskappy. Die appel wat soos die kruis funksioneer as kernsimbool van Apple as ’n gosdiens of kultus met vele getroue volgelinge; die mitiese verlede wat gekoppel word aan die tot standkoming van Apple as maatskappy en natuurlik die stigter Steve Jobs se lewensverhaal; iStores wat soos moderne tempels funksioneer en deur aanhangers besoek word om hulde te bring aan die (heilige) voorwerpe; pelgrimstogte wat na die opening van nuwe Apple-winkels en die vrystelling van nuwe produkte onderneem word; en natuurlik die private rituele tuis wat geassosieer word met die sogenaamde “unboxing” van Apple-produkte.

Die akademie kan nie sonder rites en mites nie en blykbaar die wêreld van tegnologie ook nie. Kyk ’n mens net ’n raps verder, sien jy dat daar min lewensterreine sonder mites en rites is. Stetoskope hang oor die skouers van wit gejaste mediese dokters soos kruise om die nekke van Ortodokse priesters. Daardie instrumente funksioneer as simbole wat onder meer wys dat dokters, soos priesters wat soek na die stem van die Onsienlike, ook onsigbare ritmes en kloppings kan waarneem. En al weet ek goed dat my dokter net ’n mens is, soek ek daardie simboliek van die wit jas en stetoskoop wat my verseker dat sy oor magiese wetenskaplike kennis beskik. Wanneer advokate, aanklaers en regters ’n hofsaal betree, is hulle geklee in swart toga’s en word hulle optredes noukeurig gereguleer deur juridiese rituele. Dit skep ’n atmosfeer wat daarop dui dat diegene wat hieraan deelneem ontgetwyfeld binne die sfeer van die soeke na waarheid beweeg.

Wanneer ek myself binne in of naby aan ’n protesoptog bevind, dan sien ek duidelik dat laastes eerste kan wees en die werklikheid wat ek bewoon vir seker ook anders kan lyk. En tuis maak rekwisiete soos kersies op ’n koek en presente my ’n dag lank die hoofkarakter in die drama van my private lewe. Soos die titel van ’n boek van die teoloog Gerard Lukken tereg lui – *Geen leven zonder rituelen*.

Saam met die rites boetseer ons voortdurend ons mites. Elke mens is konstant besig om sy eie lewensverhaal aan te pas vir die lewensfase waarin hy hom bevind. Soos die jare aanstap sien ek terugskouend al duideliker hoe ’n enorme groot martelaar ek was en onderteken ek my eie heilige verklaring. Dit doen ek deur my lewensverhaal te redigeer met die proses van “re-membering” – waarvan ek hou mag bly, maar die res word onderwerp aan selektiewe amnesia. Die mite-makery kan egter makliker in die media en in die lewe van glanspersone ge-eien word as in jou eie lewensverhaal. Prinses Diana is uiteraard die ikoniese sekulêre martelaar en heilige wie se lewe en vroeë dood haar lewe ooreenkomste laat toon met dié van Jesus. Die historikus Willem Frijhoff wys weer in sy boek *Heiligen, idolen, iconen* hoe Leonardo DiCaprio se lewensverhaal vroeg reeds geskoei is op die Middeleeuse vita, oftewel lewensverhaal van ’n heilige. Sy ouers steek die oseaan oor vanaf die ou wêreld na die onbekende van die nuwe wêreld; hulle ontmoet mekaar in die tyd van Flower Power; die seuntjie kry sy naam in Venesië toe sy ma in ’n kunsmuseum na ’n skildery van Leonardo Da Vinci kyk en die ongebore vrug in haar baarmoeder beweeg (soos die vrug in Elisabeth se moederskoot volgens die Evangelie van Lukas van vreugde gespring het); die huwelik wat gou op die rotse was; die armoede en stryd van ’n enkelma; die seun se lewenslus, wilskrag en vroeë oortuiging oor wat hy met sy lewe wil doen (lees roeping); die aanvegting wat hy beleef van die diaboliese media; en in beriggewing oor hom is sy aura en besondere uitstraling ’n deurlopende tema. Wat hom nog meer ikonies kon gemaak het, soos dit met onderskeidelik James Dean en River Phoenix op eiesoortige wyse gebeur het, is natuurlik ’n vroeë dood, want volgens die vita as genre is jou sterfdag jou dies natalis, oftewel geboortedag en word jy so verewig.

’n Mens sou verwag dat, soos wat die Vierde Industriële Revolusie vorder, kunsmatige intelligensie deel word van ons alledaagse lewe, en ons bestaan al meer geraam word deur wetenskap en tegniek, rites en mites in die vergetelheid sal verdwyn en beskou sal word as dinge waarvoor daar nie plek is in die lewe van redelike mense nie. Ten spyte van die waarde wat ons plaas op wetenskaplike vooruitgang en rasionele denke, raak rites en mites ons op ’n diep vlak. Hulle is deel van hoe ons betekenis soek en vind in die lewe en gee aan die gewone lewe ’n nodige skeut misterie, veral by die dreigende driwwe van die lewe wat ons moet oor en waar die taal van tegniek en wetenskap te kort skiet. Daar by die drif wag die dokter met die stetoskoop, die ge-togade regter, die pedel wat jou weglei na die onbekende, ’n geliefde met ’n punthoedjie van karton wat ’n streamer oor jou gooi. Ja, selfs op WhatsApp, Facebook en Instagram, en op verskeie platforms op die internet soos kuberbegraafplase, bly die mens ’n rituele dier en maker van mites.

Prof Cas Wepener doseer Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.